

**DIE SKEPPING VAN 'N
ONAFHANKLIKE INSTELLING VIR
HOËR ONDERWYS IN SUID-AFRIKA:
'N KRITIESE ONTLEDING**

JACOB JOHANNES VAN WYK

B Ed

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereiste vir die
graad Magister Artium in Openbare Bestuur en Regering aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Magister Artium in Openbare Bestuur en Regering

Sudieleier: Prof. WJ van Wyk

Potchefstroom

November 1999

DANKBETUIGING

Graag wil ek my opregte dank en waardering uitspreek teenoor almal wat my tydens my studies ondersteun het:

- ◆ Met dank aan my Skepper wat, deur genade, die krag en insig aan my verleen het om hierdie studie te voltooi.
- ◆ 'n Spesiale woord van dank aan my studieleier, Prof. WJ van Wyk, vir leiding, aansporing en geduld tydens die studies.
- ◆ Aan my vrou, Mona, vir haar bystand en ondersteuning.
- ◆ My kinders, Jana en Werner, wat vir lang tye, my tyd en aandag moes ontbeer.
- ◆ Aan Lofdal Bedieninge, wat my die geleentheid en tyd gegun het, om die studies te voltooi.

ABSTRACT

NATURE AND SCOPE OF STUDY

The Ministry of Education recognises that private provision plays an extremely important role in expanding access to higher education by responding to labour market opportunities and student demand. The key challenge for Government lies in expanding the role of educationally sound and sustainable private higher education institutions in terms of the applicable South African legislation.

In this study research was done to determine the Government's policy regarding the establishment of a higher education institution based on the policy of a specific church denomination.

THE INSTITUTION RESEARCHED

Research was done at Potchefstroom University for Christian Higher Education. The study focuses mainly on the scientific development and structuring of an independent institution for higher education to serve that part of the community who has a need for such an institution.

LITERATURE STUDY

The literature study comprises two sections. The first section presents a study of the current legislation on higher education. Secondly, documents, books and articles on the structuring of institutions were analysed.

EMPIRICAL STUDY

Information was obtained by studying the structures, vision, mission and objectives of two independent American institutions for higher education as well as that of the Potchefstroom University for Christian Higher Education.

CONCLUSION

The purpose of the study was achieved, in that it is possible to establish an independent institution for higher education, which will suit the requirements of a specific church denomination, within the current Government policy

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

LYS VAN DIAGRAMME	vii
-------------------------	-----

HOOFSTUK 1 : INLEIDING	1
------------------------------	---

1.1 MOTIVERING VIR STUDIE	1
---------------------------------	---

1.2 PROBLEEMSTELLING.....	1
---------------------------	---

1.3 DOELWIT MET DIE STUDIE.....	3
---------------------------------	---

1.4 HIPOTESE.....	3
-------------------	---

1.5 METODE VAN STUDIE	3
-----------------------------	---

1.5.1 Literatuurstudie.....	4
-----------------------------	---

1.5.2 Empiriese ondersoek.....	4
--------------------------------	---

1.6 WOORDOMSKRYWING	4
---------------------------	---

1.6.1 Lettername	5
------------------------	---

1.7 INHOUD VAN SKRIPSIE	6
-------------------------------	---

HOOFSTUK 2 OWERHEIDSBELEID VIR HOër ONDERWYS IN SUID-AFRIKA.....	7
---	---

2.1 INLEIDING.....	7
--------------------	---

2.2 KONSTITUSIONELE HERVORMING IN SUID-AFRIKA.....	8
--	---

2.2.1 Wat is 'n konstitusie?	8
------------------------------------	---

2.2.2 Die Suid-Afrikaanse Konstitusie voor 1996.....	9
--	---

2.3 WAT OWERHEIDSBELEID BEHELS	10
--------------------------------------	----

2.4 DIE BELEIDSBEPALINGPROSES	11
2.4.1 Beplanning	12
2.4.2 Doelwitbeplanning	12
2.4.3 Beleidbeplanning.....	13
2.5 VERSKILLEND E BELEIDSVLAKKE/INSTELLINGS	14
2.5.1 Politieke beleid of partybeleid.....	15
2.5.2 Regeringsbeleid	15
2.5.3 Departementele beleid	15
2.5.4 Administratiewe beleid	16
2.6 ROLSPELERS IN BELEIDBEPALING	16
2.6.1 Die bevolking as rolspelers	17
2.6.2 Individue as rolspelers.....	17
2.6.3 Belangegroepe/druk-groepe/verenigings.....	17
2.6.4 Wetgewende instellings op die drie owerheidsvlakke.....	18
2.6.5 Politieke uitvoerende instellings	19
2.6.6 Ondersoekkommissies	19
2.6.7 Koerante en nuusmedia	20
2.7 ANC-BELEID TEN OPSIGTE VAN HOËR ONDERWYS	20
2.7.1 ANC-beleid na 1994.....	20
2.8 ANC ONDERWYSWETGEWING MET SPESIFIEKE VERWYSING	
NA HOËR ONDERWYS	22
2.8.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (No 108	
van 1996)	22
2.8.2 Hoër Onderwyswet, 1997 (No 101 van 1997)	23
2.8.3 Registrasie van 'n privaatinstelling vir hoër onderwys	24
2.8.4 Voorwaardelike registrasies	24

2.8.5 Registrering van privaat Christelike onderwysinstellings.....	25
2.8.6 Die Suid-Afrikaanse Kwalifiserings Owerheidswet (SAQA) van 1995 (No 58 van 1995).....	26
2.8.7 Standaard bepaling	26
2.8 SAMEVATTING.....	29

HOOFSTUK 3 : SOORTE INSTELLINGS VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS BINNE REGERINGSBELEID..... 31

3.1 INLEIDING	31
3.2 DIE WESE EN FUNKSIES VAN 'N UNIVERSITEIT.....	32
3.3 DIE WESE EN FUNKSIES VAN 'N TECHNIKON	34
3.4 DIE AARD EN WESE VAN KOLLEGES.....	35
3.5 OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN UNIVERSITEITE, TECHNIKONS EN KOLLEGES.....	35
3.5.1 Ooreenkomste tussen universiteite, teknikons en kolleges	36
3.5.2 Verskille tussen universiteite, teknikons en kolleges	37
3.5.2.1 Verskille in wetenskapbeoefening	37
3.5.2.2 Verskille ten opsigte van toelatingsvereistes	38
3.5.2.3 Sertifisering/kwalifikasie verskille	38
3.6 SOORT INSTELLING VAN HOËR ONDERWYS BY LOFDAL BEDIENINGE	39
3.6.1 Aangeleenthede wat ingedagte gehou sal moet word by die stigting van 'n Universiteit by Lofdal Bedieninge.....	40
3.7 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE STAAT EN DIE PRIVAATINSTELLING VIR HOËR ONDERWYS BY LOFDAL BEDIENINGE.....	41

3.8 SAMEVATTING.....	43
----------------------	----

HOOFSTUK 4 : ORGANISERINGSBEGINSELS VAN TOEPASSING

VIR DIE DAARSTELLING VAN 'N PRIVAAT UNIVERSITEIT	44
---	-----------

4.2 INLEIDING	44
4.2 DOELWIT MET ORGANISERING.....	45
4.3 UNIVERSITEITSTRUKTURE AS OOP MODEL	46
4.4 GRONDSLAE BY DIE SKEPPING VAN ORGANISATORIESE STRUKTURE	49
4.4.1 Ontleding van regeringsbeleid en die identifisering van gemeenskapsbehoefte	51
4.4.2 Bepaling van doelwitte	51
4.4.3 Daarstelling van funksionele strukture.....	52
4.4.3.1 Die funksionele struktuur	53
4.4.3.2 Die organisasiestruktuur.....	53
4.4.4 Werksverdeling.....	54
4.4.4.1 Grondslae van werksverdeling	54
4.4.5 Bepalings van interne organisatoriese beginsels	57
4.4.5.1 Hiërargie van gesag	58
4.4.5.2 Spanwydte van beheer.....	59
4.4.5.3 Lyn– en stafeenhede.....	59
4.4.5.4 Eenheid van bevel.....	59
4.5 SAMEVATTING.....	60

HOOFSTUK 5 : DAARSTELLING VAN 'N ORGANISASIESTRUKTUUR VIR 'N UNIVERSITEIT BY LOFDAL BEDIENINGE 62

5.1	INLEIDING	63
5.2	OORHOOFSE STRUKTUUR VAN DIE ONDERWYS DEPARTEMENT...	63
5.3	BENAMING VAN DIE CHRISTELIKE UNIVERSITEIT BY LOFDAL BEDIENINGE.....	65
5.4	OORHOOFSE VISIE, MISSIE EN DOELWITTE VAN DIE LOFDAL CHRISTELIKE UNIVERSITEIT	66
5.4.1	Ontleding van Regent Universiteit se organisatoriese struktuur	67
5.4.1.1	Visie, missie en doelwitte van Regent Universiteit	68
5.4.1.2	Skool vir Bestuur	68
5.4.1.3	Skool vir Opvoeding	69
5.4.1.4	Skool vir Regeringstudies	69
5.4.1.5	Skool vir Regte.....	69
5.4.1.6	Skool vir Kommunikasie en Kunste.....	70
5.4.1.7	Skool vir Berading.....	70
5.4.1.8	Skool vir Leierskapstudies	70
5.4.1.9	Skool vir Teologie.....	71
5.4.2	Ontleding van Oral Roberts Universiteit se visie, missie en doelwitte.....	71
5.4.2.1	Visie, missie en doelwitte van die Oral Roberts Universiteit	72
5.4.2.2	Die fakulteit Kuns en Wetenskap	73
5.4.2.3	Fakulteit Bestuur	74
5.4.2.4	Fakulteit Opvoedkunde.....	74

5.4.2.5	Fakulteit Teologie	74
5.4.3	Ontleding van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) se visie, missie en doelwitte.....	75
5.5	DAARSTELLING VAN DIE VISIE, MISSIE EN DOELWITTE VIR LOFDAL CHRISTELIKE UNIVERSITEIT.....	78
5.6	DAARSTELLING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR VIR LOFDAL CHRISTELIKE UNIVERSITEIT	79
5.6.1	Skool vir Teologie.....	80
5.6.2	Skool vir Bestuurswese	81
5.6.3	Skool vir Opvoedkunde	82
5.7	BESPREKING VAN DIE ADMINISTRATIEWE STRUKTUUR VAN LOFDAL CHRISTELIKE UNIVERSITEIT.....	84
5.8	SAMEVATTING.....	86
HOOFSTUK 6 : SAMEVATTING.....		87
BRONNELYS.....		92

LYS VAN DIAGRAMME

Bladsy

Diagram 2.1	Die onderskeie owerheidsvlakke verantwoordelik vir beleidbepaling	14
Diagram 2.2	Die wetgewende gesag op die drie owerheidsvlakke.....	19
Diagram 2.3	Onderwys vlakke volgens SAQA	27
Diagram 4.1	'n Model van 'n oop struktuur	47
Diagram 4.2	Die organisasie as 'n oop model	48
Diagram 4.3	'n Voorbeeld van 'n organisatoriese struktuur	55
Diagram 4.4	Voorbeeld 2 van 'n organisatoriese struktuur.....	56
Diagram 4.5	Vier dimensies wat 'n organisatoriese kaart uitbeeld	56
Diagram 5.1	Oorhoofse struktuur van die onderwysdepartement in Suid-Afrika	64
Diagram 5.2	Verskillende skole binne die Regent Universiteit	67
Diagram 5.3	Verskillende fakulteite binne Oral Roberts Universiteit	72
Diagram 5.4	Breë struktuur van die PU vir CHO	76
Diagram 5.5	Organisatoriese struktuur van Lofdal Bedieninge	83
Diagram 5.6	Organisatoriese struktuur vir Lofdal Christelike Universiteit	83
Diagram 5.7	Administratiewe komponent by Lofdal Christelike Universiteit .	84
Diagram 6.1	Organisatoriese struktuur vir Lofdal Christelike Universiteit	90

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 MOTIVERING VIR STUDIE

Volgens die “Government Communication and Information System” (GCIS dokument, 1999), is daar met ‘n transformasieproses in Suid Afrika, na die bewindsoorname van die ANC met die 1994-verkiesing, begin. Hierdie transformasieproses is van toepassing op al die lewenssterreine, wat die onderwys innsluit. Die visie van die ANC is om alle diskriminerende wette in die onderwys uit te wis en dit te vervang met die daargestelling van ‘n gelykvormige, nie-rassige en nie-seksistiese onderwysstelsel wat toegang verleen tot alle mense (GCIS dokument, 1999).

President Mandela meld dan ook dat die uitskakeling van diskriminasie op alle vlakke aangespreek moet word, insluitende die Christen gemeenskappe en instellings vir hoër onderwys (GCIS dokument, 1999). Hoe hierdie uitskakeling van diskriminasie die skepping van ‘n onafhanklike instelling vir hoër onderwys gaan raak, word onder andere in hierdie skripsie ontleed.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Huidige regeringsbeleid maak oënskynlik daarvoor voorsiening dat nuwe instellings vir hoër onderrig gestig en ontwikkel kan word. Die Konstitusie van 1996 (No 108 van 1996) bepaal byvoorbeeld in Artikel 19 (3) dat enigiemand die reg het, om op eie koste ‘n onafhanklike onderriginstelling (hoër en laer onderwys) te stig. So ‘n instelling moet egter by die staat as ‘n onderriginstelling geregistreer word en moet aan dieselfde onderrigstandaarde voldoen as soortgelyke onderriginstellings wat reeds bestaan. Voormelde beteken by implikasie dat huidige regeringsbeleid voorsiening maak vir

die stigting van onafhanklike onderriginstellings, maar dat sulke instellings nie noodwendig outomaties subsidie van die staat sal ontvang nie. Onafhanklike onderriginstellings kan ook nie kwaliteit onderrig agterweë laat nie want kwaliteit onderrigprogramme sal as maatstaf dien by die goedkeuring van so 'n instelling (Art. 7(c) van Onderwyswet van 1997 (No 101 van 1997)).

Wetgewing, soos die Wet op Hoër Onderwys van 1997 (No 101 van 1997), bepaal nie pertinent hoe instellings vir hoër onderrig gevestig moet word nie en daar is geensins aanduidings van van hoe sulke instellings gestruktureer moet of kan word nie. Voormelde maak dit moeilik vir 'n onafhanklike instansie, soos 'n bepaalde kerkdenominasie, om sonder meer met die stigting van 'n instelling vir hoër onderrig, binne kerkstrukture te begin, sou so 'n kerk 'n eie instelling vir hoër onderrig wou stig.

Sake waaroor byvoorbeeld vir die kerk nie duidelikheid bestaan nie, en waaroor duidelikheid benodig word, is byvoorbeeld waar sodanige instelling binne kerkstrukture sal inpas, hoe dit organisatories gestruktureer sal word en watter programme voorkeur sal moet geniet om die instelling finansieel selfstandig te kan laat funksioneer. Alhoewel daar reeds 'n verskeidenheid instellings vir hoër onderrig in Suid-Afrika bestaan, duik die vraag op of sulke instellings net so as voorbeelde gebruik kan word in die stigting en strukturering van 'n onafhanklike instelling vir hoër onderwys, gekoppel aan 'n spesifieke kerklike denominasie.

Wat die strukturering van so 'n instelling vir hoër onderwys betref, is daar eweneens nie vaste riglyne wat net so van toepassing gemaak kan word op 'n bepaalde instelling nie. Instellings verskil met ander woorde van mekaar omdat die spesifieke omgewing waarbinne die instelling funksioneer, verskil. Organiseringsstrukture van een instelling kan dus verskil van 'n ander as gevolg van verskillende omgewingsinsette.

Die beskikbaarheid van fondse sal uit die aard van die saak ook 'n invloed hê op die omvang van 'n onafhanklike instelling se kapasiteit, om al die fakulteite wat by groot

universiteite bestaan, daar te stel. Waarskynlik sal 'n onafhanklike instelling vir hoër onderrig net met sekere fakulteite begin, byvoorbeeld Teologie. Navorsing sal egter moet aantoon watter fakulteite geïmplementeer kan word.

Met voormelde as agtergrond is die volgende vrae belangrik en ter sprake:

- (1) Tot watter mate laat regeringsbeleid, die stigting van 'n onafhanklike instelling vir hoër onderwys, gebaseer op 'n konfessionele grondslag, toe?
- (2) Hoe kan so 'n instelling binne 'n bepaalde bestaande kerkstrukture gevestig word?

1.3 DOELWIT MET DIE STUDIE

- (1) Om te bepaal wat die huidige regeringsbeleid is met betrekking tot die stigting van 'n onafhanklike instelling vir hoër onderwys wat op kerklike leerstellings van 'n spesifieke kerklike denominasie gebaseer (doelstelling 1).
- (2) Om eiesoortige organisatoriese struktuur te ontwikkel en daar te stel aan die hand waarvan so 'n instelling kan funksioneer (doelstelling 2).

1.4 HIPOTESE

Dit is moontlik om binne die huidige regeringsbeleid 'n instelling vir hoër onderwys te ontwikkel en te struktureer wat aan die vereistes van 'n spesifieke kerkdenominasie sal kan voldoen.

1.5 METODE VAN STUDIE

Inligting vir die studie sal hoofsaaklik verkry word aan die hand van primêre bronne soos:

- (1) 'n Literatuurstudie van onder andere huidige wetgewing, organiseringsteorië en privaat universiteite sal onderneem word.
- (2) Geselekteerde onafhanklike instellings vir hoër onderrig in Suid-Afrika en die VSA, sal ondersoek word om te bepaal wat hulle visie, missie en doelwitte is en hoe hulle organisasie strukture daaruit sien.

Die metode van navorsing is analities en vergelykend van aard.

1.5.1 Literatuurstudie

Ten einde soveel moontlike inligting oor privaatinstellings vir hoër onderwys en regeringsbeleid in die verband te versamel, sal amptelike dokumente, wetgewing, boeke, artikels, jaarboeke en ander relevante dokumentasie bestudeer word.

1.5.2 Empiriese ondersoek

Met 'n grondige teoretiese en literatuurkennis van die onderwerp as agtergrond sal ten minste twee Amerikaanse onafhanklike instellings vir hoër onderwys bestudeer word om die visie, missie, doelwitte en strukture te ontleed. Die visie, missie en doelwitte van een Suid-Afrikaanse instelling vir hoër onderwys sal ook bestudeer word.

1.6 WOORDOMSKRYWING

Twee terme word in die Konstitusie gebruik wanneer daar van instellings van hoër onderwys gepraat word, te wete, die term onafhanklik en die term privaat.

Volgens die Wet op Menseregte (Afdeling 29(3)) bepaal die Konstitusie van 1996 (No108 van 1996) dat enige persoon die reg het om 'n **onafhanklike**, opvoedkundige instelling te begin (Die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (No 108)). Onafhanklik verwys na 'n instelling wat nie aan iemand of instansie onderworpe is

nie, maar wat selfstandig funksioneer. Die Hoër Onderwyswet, 1997 (No 101) verwys na die registrasie van **privaat** instansies. Die instansie wat sodoende geregistreer word, is dus nie die besit van die staat nie, maar is private eiendom en word privaat gefinansier.

Dit wil dus voorkom of die term onafhanklik en privaat sinoniem gebruik kan word. In hierdie skripsie word voorkeur aan die term “onafhanklik” gegee, alhoewel die term privaat ook van tyd tot tyd gebruik mag word. Lofdal Bedieninge is ‘n onafhanklike kerk denominasie gebaseer op reformatoriese beginsels. Die kerkkompleks is by Stilfontein opgerig en ‘n onafhanklike Christen Skool en Teologiese Opleidingsentrum is reeds sedert 1989 in plek. ‘n Logiese uitbreiding van die kerkstruktuur word in die stigting van ‘n eie onafhanklike universiteit gesien.

1.6.1 Lettername

Vir die doel van die skripsie word Engelse afkortings gebruik, aangesien die Afrikaanse afkortings moeilik bekombaar is en nie algemeen in die praktyk gebruik word nie. Die volgende lettername word in die skripsie gebruik

CHE	Council of Higher Education
ETQA	Education and Training Quality Assurance
FET	Further Education and Training
GET	General Education and Training
HET	Higher Education and Training
NQF	National Qualifications Framework
NSB	National Standards Body
SAQA	South African Qualifications Authority
SETA	Sectoral Education and Training Authority
SGB	Standards Generating Body
LCU	Lofdal Bedieninge Christelike Universiteit

1.7 INHOUD VAN SKRIPSIE

In **hoofstuk 1** word die motivering, die probleemstelling, navorsingsvrae, die doelwit met die studie uitgespel en die metode van studie word aangedui. Die hipotese vir die studie word ook gestel. In **hoofstuk 2** gaan daar vasgestel word wat die owerheid se beleid is ten opsigte van hoër onderwys. Om duidelikheid te verkry oor wat die nuwe onderwysbeleid behels, word daar eers gekyk na wat die rol van 'n konstitusie in owerheidsbeleid is. Die beleidsbepalingsproses, verskillende beleidsvlakke en die rolspelers in beleidbepaling sal ondersoek word, waarna die ANC se beleid ten opsigte van hoër onderwys en spesifiek privaat Christelike instellings, ontleed gaan word.

Om die vraag te beantwoord of private Christelike instellings wel kan registreer as instansies wat hoër onderwys programme kan aanbied, gaan daar in **hoofstuk 3** na die wese en funksies van 'n universiteit, kollege en technikon gekyk word. Sodoende sal daar vasgestel kan word of 'n privaat Christelike instelling 'n universiteit, technikon of kollege moet wees.

Nadat daar vasgestel is of 'n instansie soos 'n kerk, wel 'n Christelike universiteit mag begin, moet daar oorgegaan word tot die skepping van organisatoriese struktuur om sodanige universiteit daar te stel. In **hoofstuk 4** gaan hierdie aspek ondersoek word deur te verwys na 'n universiteit as oop struktuur en deur die grondslae by die skepping van sodanige organisatoriese strukture te ontleed. Met die inligting verwerf uit voorgenoemde hoofstukke, gaan daar in **hoofstuk 5** oorgegaan word tot die daarstelling van 'n organisatoriese struktuur vir 'n universiteit by Lofdal Bedieninge. Klem word geplaas op die oorhoofse struktuur van die Nasionale Onderwys Departement ten einde te bepaal binne watter riglyne sodanige universiteit gestruktureer moet word. Deur die ontleding van enkele toonaangewende universiteite se visie, missie en strukture, word die universiteit se struktuur, visie en missie geformuleer.

In **hoofstuk 6** word 'n samevatting gegee.

HOOFSTUK 2

OWERHEIDSBELEID VIR HOËR ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

2.1 INLEIDING

Die Republiek van Suid-Afrika is veral sedert die vroeë negentigs gekenmerk deur omvangryke politieke, sosiale en administratiewe veranderinge. 'n Paradigmaskuif in die onderwys na 1994 was ook onafwendbaar en nuwe wetgewende bepalings wat deur die nuwe politieke dispensasie in Suid-Afrika moontlik gemaak is, het ontstaan (Van der Walt en Helmold, 1995:25). Hierdie nuwe politieke dispensasie en gepaardgaande nuwe beleid, het ook beslag gevind in nuwe organisatoriese strukture ten einde die nuwe onderwysbeleid te kon implementeer.

Die bewindsoorname van die African National Congress (ANC) in die 1994-verkiesing het 'n nuwe gelykvormige en nie-rassige onderwysstelsel tot gevolg gehad. Voor 1994 was die onderwysstelsel gekenmerk deur die verdeling van onderwysdepartemente tussen die Sentrale en Provinsiale owerhede. Onderskeid op onderwysgebied is ook getref tussen verskillende rasse met die skepping van eie sake instellings, te wete die Volksraad vir Blankes, die Raad van Verteenwoordigers uit Kleurlinge, Raad van Afgevaardigdes vir Indiërs en 'n Departement van Ontwikkelingshulp en Onderwys vir swart mense (Van Wyk, 1989. p 109). Elke ras het dus sy eie onderwyssake bestuur.

Die aanstelling van die Nasionale Kommissie van Hoër Onderwys deur die Staatspresident, het voormelde bestel in wese verander en verskeie omvattende aanbevelings is deur die Kommissie gedoen, wat gelei het tot die uitvaardiging van die Hoër Onderwyswet van 1997 (No 101 van 1997) (Jacobs, 1999:8). Die wet het tot

die herstrukturering van hoër onderwys gelei, met die transformasie van hoër onderwys tot 'n eenvormige onderwysstelsel. Die grootskaalse verandering het in effek gelei tot die afbreek van vorige geografiese grense en etniese groeperinge. Dit het ook 'n herorganisering van administrasie- en bestuurspraktyke in die onderwys tot gevolg gehad. Die Minister van Onderwys is byvoorbeeld na 1997 deur 'n Raad van Hoër Onderwys (Council for Higher Education) geadviseer oor onderwys-aangeleenthede. Hierdie instelling is direk deur die Hoër Onderwyswet (No 101 van 1997) in die lewe geroep (Jacobs, 1999:9).

'n Ontleding van voormelde nuwe onderwysbedeling, word in hierdie hoofstuk onderneem ten einde te bepaal of die vestiging van 'n privaat Christelike instelling vir Hoër onderwys, 'n werklikheid in Suid-Afrika kan wees. Om groter duidelikheid te kry wat die nuwe onderwysbestel behels, word daar eers gekyk na die rol van 'n konstitusie in owerheidsbeleid en die rol wat die wetgewende gesag speel om owerheidsbeleid te bepaal. Daarna sal die nuwe onderwyswetgewing, met verwysing na privaatinstansies, ontleed word.

2.2 KONSTITUSIONELE HERVORMING IN SUID-AFRIKA

Die konstitusie van 'n land behoort in die meeste gevalle reeds 'n aanduiding te gee van die rigting waarin so 'n land wil beweeg ten opsigte van sy dienslewering. Dienslewering sluit onderwys in. Alvorens die Suid-Afrikaanse konstitusie ontleed word om te bepaal of onderwys daarin aangespreek word, is dit eers nodig om te bepaal wat 'n konstitusie is.

2.2.1 Wat is 'n konstitusie?

Volgens Wiechers (1989:44) bestaan 'n konstitusie uit een, of 'n reeks dokumente, wat deur 'n konstitusionele proses daargestel word. Die Suid-Afrikaanse konstitusie

van 1996 bestaan uit een dokument wat ingedeel is in 251 afdelings met 7 bylaes en het die volgende ten doel:

- (1) Die konstitusie bestaan uit geskrewe of ongeskrewe reëls wat die verhouding tussen die wetgewende mag (parlement) en die bevolking bepaal. Die verdeling van magte en funksies van die staat, word in die konstitusie uitgespel.
- (2) Die konstitusie dien as 'n beskerming vir die gemeenskap se belange en regte.
- (3) Die konstitusie dien as basis waarop die regering sy aksies kan uitvoer.
- (4) Die konstitusie maak voorsiening vir die daarstelling van een soewereine staat en 'n demokratiese regeringsstelsel wat hom ten doel stel om gelykheid tussen mans en vroue en mense van alle rasse, daar te stel.

Uit die doel kan afgelei word dat die konstitusie 'n regulerende dokument is wat mag gee, maar ook beperk. Daar kan ook gesien word dat die belange en regte van die mense beskerming geniet deurdat die nuwe konstitusie rasse-skeiding uitskakel, wat by implikasie beteken dat die ou onderwysbeleid, gebaseer op rassieskeiding, mee weggedoen is.

2.2.2 Wetgewing voor 1996

Die Suid-Afrikaanse konstitusie, wette en regulasies voor 1996 het vir die teenoorgestelde gestaan en het die pilare vir die apartheidsbeleid geskep. Dit het tot gevolg gehad dat die blankes, demokraties gesproke, alleen verantwoordelik was vir die wetgewende, regterlike en uitvoerende magte. Alle ander bevolkings groepe was grotendeels uitgesluit uit die regeringsbesluitnemingsproses, wat die onderwys insluit. Opvoeding vir swart mense was gereguleer deur 'n afsonderlike wet, die Swart Onderwyswet van 1953 (No 47 van 1953). Swart mense is in 'n aparte onderwys stelsel ingedeel, wat tot 'n laer standaard van opvoeding gelei het as wat met wit mense die geval was.

Diskriminerende wette, soos voorgenoemde wet, het onder andere gelei tot die geweld en oproere in Soweto in 1976. Onder die leierskap van die voormalige president, F.W.de Klerk, is hervorming begin wat gelei het tot die afskaffing van meer as 100 diskriminerende wette wat tussen 1981 en 1987 uitgevaardig was. Dit was die begin van die nuwe fase in die transformasieproses vir die skepping van 'n nuwe Suid-Afrika, wat op die jongste konstitusie uitgeloop het (Van der Walt en Helmold, 1995:31). Uit hierdie nuwe konstitusie kon 'n nuwe beleid bepaal word wat die reeds genoemde eenvormige onderwysstelsel kon verseker. Alvorens na hierdie nuwe beleid gekyk word, is dit egter eers noodsaaklik om net kortliks na die term beleidbepaling te kyk, om meer lig op die term te werp.

2.3 WAT OWERHEIDSBELEID BEHELS

Owerheidsbeleid is volgens Fox en Meyer (1995:107) 'n gesaghebbende verklaring, deur wettige publieke instellings, oor hoe probleme benader en uitgeskakel kan word. 'n Owerheidsbeleid het 'n geartikuleerde doel wat die wetgewer op die gemeenskap wil toepas en wat as 'n riglyn vir optredes sal dien. Owerheidsbeleid kan gedefinieer word as (Fox & Meyer, 1995:108):

- (1) Riglyne om aksies af te baken;
- (2) Handelinge wat die regering kies om te doen, of nie te doen nie;
- (3) 'n Verklaring en verduideliking vir regeringsoptredes;
- (4) Neergelegte begeertes om sekere objekte te bereik; en
- (5) 'n Gesaghebbende toewysing van waardes van 'n groep of van individue in die gemeenskap.

'n Wetgewer wil dus deur 'n owerheidsbeleid die gemeenskap doelgerig in 'n sekere rigting stuur deur te wys hoe doelwitte bereik moet word, soos byvoorbeeld wanneer 'n kind skoolgereed is en op watter ouderdom die kind mag skoolgaan. 'n Politieke party wat aan bewind wil kom en wat die regering-van-die-dag wil word, sal

aanvanklik breë doelwitte (die partybeleid) stel om te verklaar in watter rigting die owerhede die gemeenskapslewe sal ontwikkel.

Wanneer 'n bepaalde politieke party aan bewind kom, sal die sogenaamde partybeleid weinig meer wees as die slagkrete wat as handige propaganda voor die verkiesing gedien het. Die partybeleid van die politieke party sal egter na 'n bewindsoorname, deur middel van wette deur die Parlement, 'n meer geformuleerde en beredeneerde uiteensetting van beginsels en/of doelwitte van die party wees (Botes, Fourie & Roux, 1992:198).

Wanneer 'n politieke party besluit om aan 'n verkiesing deel te neem sal die party die gemeenskapslewe bestudeer en op grond van die bevindinge en opvattinge van sy lede, soos uitgedruk in die partybeleid, verklaar wat die beleid van die party is oor aangeleenthede wat van openbare belang is, soos byvoorbeeld onderwys. Indien sodanige party aan bewind kom sal sy leiers as ministers (die politieke hoofde) van die verskillende staatsdepartemente, waarvan onderwys 'n prominente departement sal wees, dien. Hierdie uitvoerende instellings of staatsdepartemente sal dan die ministers kan help om partybeleid in regeringsbeleid te omskep (Cloete, 1993: 92-94).

Uit die bepalings, soos vervat in die konstitusie, moet 'n regering daartoe in staat wees om regeringsbeleid neer te lê aan die hand waarvan dienste aan die gemeenskap gelewer kan word. Die konstitusie is dus die riglyn vir beleid wat tot dienslewering aanleiding gee. Die konstitusie van 1996 (No 108 van 1996) lê dus breë riglyne neer, wat by implikasie daarop neerkom dat die strukturering van onderwys in die land tot 'n mate vrye teuels geniet. Alvorens die saak in diepte bespreek word is dit nodig dat die proses van beleidsbepaling eers ontleed word.

2.4 DIE BELEIDSBEPALINGSPROSES

Die rigting en funksie van die regering is gefundeerd in die waardes, behoeftes, begeertes en eise van die bevolking. Deur 'n politieke proses word die waardes,

behoefte, begeertes en eise getransformeer tot beleid. In die proses word beplanning onderneem (Botes, Fourie & Roux, 1992:198).

2.4.1 Beplanning

Beplanning is 'n werkwoord, wat die woord plan beskryf. Om 'n plan te beraam, word beplanning vereis en dit kom daarop neer dat 'n mens moet dink. Beplanning is dus die sistematiese denke, wat lei tot 'n uitgewerkte program van voorgenome optrede. Beplanning het geen vaste verwysingsraamwerk nie en kan op sowel die geringste vlak van menslike optrede, as die omvattendste owerheidsoptrede aangetref word. Beplanning is dus 'n denkaktiwiteit waarby die menslike verbeelding, versierendheid en deduktiewe logika aangewend word om 'n gewenste toedrag van sake in die toekoms te visualiseer en die stappe om dit te bereik, logies te bereken (Botes, Fourie & Roux, 1992:198).

2.4.2 Doelwitbeplanning

'n Ideaal is daardie gewenste toekomstige toedrag van sake waarna die mens hunker. Ideale kan omskryf word as visie, daardie fisiese onsienlike ideaal wat die geestelike tuiste vir persoonlike geluk en gemoedsrus verskaf. Dit kan slegs bereik word indien daar doelgerig beplan word. Die regering-van-die-dag se ideale moet met die gemeenskap se ideale sinkroniseer en die doelwit is die behoefte en algemene belang van mense wat tevrede gestel moet word. Staatsinstellings moet ook die geluk en welsyn van die samelewing in gedagte hou by die bepaling en nastrewing van doelwitte om die ideale vir die gemeenskap in die toekoms te kan bevredig. Daar moet dus daarna gesoek word om die opvoedkundige ideale en behoeftes, soos onderwys behoeftes, te vervul (Botes, Fourie & Roux, 1992:199). Doelwitte kan in drie dimensies ingedeel word, naamlik (Botes, Fourie & Roux, 1992:200):

- (1) 'n Hiërargiese dimensie. Dit beteken dat doelwitte hiërargies ingedeel word, met die sentrale regering aan die spits van doelwitbepaling en owerheidsoptrede in die staatsbestel. Alle ander doelwitbepalingsaktiwiteite en gepaardgaande werksaamhede van ondergeskikte owerhede, vloei uit die sentrale doelwit. Die sentrale owerheid sal byvoorbeeld oorhoofse doelwitte vir die onderwys bepaal, waarna laer vlak owerhede verdere doelwitte sal bepaal.
- (2) 'n Geografiese dimensie. Dit is wanneer doelwitte, soos byvoorbeeld vir onderwys, opgestel word wat slegs binne 'n spesifieke geografiese gebied geld en wat die ontwikkeling en groei van daardie geografiese gebied nastreef. Die verskillende onderwysdepartemente binne die nege provinsies kan as voorbeeld dien.
- (3) 'n Tydsdimensie. Dit is waar doelwitte onderwerp word aan veranderinge wat oor verloop van tyd verander en herwaardeer word. Doelwitte, soos onderwysdoelwitte kan dus kort-, medium- of langtermyn wees.

2.4.3 Beleidsbeplanning

Wanneer daar oor 'n beleid ten opsigte van 'n bepaalde aangeleentheid, soos onderwys, besin word, moet daar aandag aan die volgende aspekte gegee word (Hanekom, 1994:22):

- (1) Wat moet gedoen word om die gestelde doelwit te bereik?
- (2) Wie moet almal betrokke wees by die nastrewe van die doelwit?
- (3) Wanneer moet die verskillende programme van die beleid in werking gestel word?
- (4) Waar moet die handelinge verrig word?
- (5) Hoe moet die programme inwerking gestel word?
- (6) Waarom moet hierdie besondere beleid gevolg word?

Volgens Hanekom (1994:23) word elkeen van die voornoemde aspekte deur een of ander wetgewende owerheidsinstelling goedgekeur en geïmplementeer. Hierdie

aspekte is ook gewoonlik in die regeringsbeleid ingebou, wat deur die Parlement goedgekeur is en deur wetgewing bemaagtig word. In praktyk word die uitvoering van sodanige regeringsbeleid (in die vorm van wetgewing) gedoen deur die onderskeie owerheidsvlakke.

2.5 VERSKILLENDE BELEIDSVLAKKE/INSTELLINGS

In die openbare sektor word politieke besluite geneem op grond van waardes, byvoorbeeld politieke, godsdienstige, kulturele, ekonomiese, en historiese waardes. Beleidbepaling, kan daarom nooit neutraal teenoor die gemeenskap staan nie en moet die waarde-sisteem van die totale bevolking in ag geneem word by die bepaling van 'n beleid. Wette wat menseregte ondermyn en wat 'n diskriminerende effek het, moet verwyder word. Terselfdertyd moet die beleid die regte van minderheidsgroepe en groepe met spesifieke godsdienstige waardes erken. Die belangrikheid en kompleksiteit van 'n demokratiese grondwet kan dus nie oorbeklemtoon word in beleidbepaling nie en word die verskillende beleidsvlakke en instellings vir beleidbepaling daarin vervat (Hanekom, 1994:5).

Volgens Cloete (1993:3) bestaan daar vier vlakke van beleid, of instellings wat vir beleidbepaling verantwoordelik is. Skematies kan die vier vlakke soos volg uiteengesit word:




Diagram 2.1: Die onderskeie owerheidsvlakke verantwoordelik vir beleidbepaling (Cloete, 1993:3).

Elkeen van hierdie vlakke word vervolgens opgehelder ten einde meer lig op die beleidbepalingsproses te werp.

2.5.1 Politieke beleid of partybeleid

Politieke- of partybeleid het sy oorsprong binne die politieke party, wat deur die party propaganda bekend gestel word. Hierdie beleid is gewoonlik idealisties van aard en word tydens partykongresse neergelê. Dit omvat dus die politieke denke van die partylede. Indien die politieke party aan bewind sou kom, sal hierdie partybeleid verwerk word in regeringsbeleid (Hanekom, 1994:10).

2.5.2 Regeringsbeleid

Hanekom (1994:10) verwys na regeringsbeleid as die nasionale beleid, voortspruitend uit partybeleid. Nadat die partykongresse die politieke partybeleid aanvaar het, moet die beleid omskep word in werkbare realiteite, wat die taak van die parlement en kabinet is. Regeringsbeleid is dus meer spesifiek as die politieke partybeleid aangesien dit dien as 'n beleidsraamwerk vir ondergeskikte owerhede, soos byvoorbeeld die Onderwysdepartement. Regeringsbeleid word dan in der waarheid departementele beleid.

2.5.3 Departementele beleid

Nadat die regeringsbeleid uitgespel is, moet daar oorgegaan word tot die formulering van die departementele beleid. Verskillende faktore moet in aanmerking geneem word in die bepaling van hierdie beleid, soos onder andere die behoeftes van die gemeenskap in byvoorbeeld onderwys. Die minister van Onderwys moet die onderwysbeleid wat funksioneel en administratief uitvoerbaar moet wees, formuleer

en in 'n begroting beliggaam. Die departementele beleid word dan 'n korrekte weerspieëling van die departement se doelwitte om onderwys te vestig. Departementele beleid sal dus meer spesifiek as die regeringsbeleid wees en loop uit op administratiewe beleid (Hanekom, 1994:10).

2.5.4 Administratiewe beleid

Hanekom (1994:10) verwys na hierdie vlak as die vlak waar departementele beleid 'n werklikheid moet word. Administratiewe beleid het te doen met aspekte soos departementele ontwikkeling, onderhoud van geboue, hantering van personeel, herstrukturering van die departement, vloei van prosedure en metodes en evaluering van programme om die doeltreffendheid en doelmatigheid van die departement te verseker. Die drome en ideale van die politici, word op hierdie vlak 'n realiteit.

Uit die voormelde kan daar afgelei word dat beleidbepaling nie die werk van een instelling is nie. Daar is inderwaarheid verskillende rolspelers betrokke by beleidbepaling.

2.6 ROLSPELERS IN BELEIDBEPALING

Openbare beleid word altyd deur 'n openbare owerheid gemaak om optrede te bemagtig vir die regulering van aangeleenthede wat binne die gesagsgebied van daardie owerheid ressorteer. Elke instelling word gedien deur politieke uitvoerende ampsbekleërs. Daar is ook amptenare wat moet sorg dat beleid geïmplementeer word. Gemeenskappe speel ook 'n rol deur beleid en die implementering van beleid te evalueer. 'n Wye spektrum rolspelers kan daarom identifiseer word in beleidbepaling (Cloete, 1993:106-124).

2.6.1 Die bevolking as rolspeler

Elke openbare instelling bestaan omdat daar wesentlike behoeftes by mense bestaan. Die mense wil hierdie behoeftes bevredig hê en vereis dat ongewenste toestande, wat die algemene welsyn van die gemeenskap mag benadeel, uit die weg geruim word. Die bevolking se rol is daarom hoofsaaklik om gemeenskapsbehoeftes openbaar te maak (Cloete, 1993:110).

2.6.2 Individue as rolspelers

‘n Individu kan ter enige tyd vertoë tot die politieke ampsbekleërs en amptenare rig oor sake wat hom of andere raak. Om sy politieke betekenis en gesag te vergroot kan die individu met ander saamspan. Individue kan sy/haar gevoelens bekendmaak deur die opstel van petisies en deur openbare optogte te hou onder die neergelegte voorskrifte wat sodanige optrede regverdig en wettig maak. Die individu kan ook die beleid en implementeringsbedrywighede van ‘n openbare instelling beïnvloed deur vir ‘n sekere politieke party te stem wat sy ideologie bevredig (Cloete 1993:111).

2.6.3 Belangegroepes/drukgroepes/verenigings

Omdat individue as enkelinge op politieke gebied onbenullig en magteloos is, is daartoe oorgegaan om vrywillige verenigings tot stand te bring om die mense in staat te stel om gesamentlik op te tree. Elk van die verskillende groepe verteenwoordig ‘n sekere afgebakende tema of onderwerp, bv. onderwys, opvoedkunde en landbou binne ‘n geografiese gebied. ‘n Sekere kerklike denominasie kan byvoorbeeld binne die regsgebied van ‘n bepaalde plaaslike owerheid hulle beywer vir die daarstelling van ‘n onafhanklike Christenskool of universiteit. Die verwagtinge by die groepe is dat hulle wense deur die wetgewende instellings, in beleid omskep en geïmplementeer word (Cloete 1993:112).

2.6.4 Wetgewende instellings op die drie owerheidsvlakke

Die wetgewende instellings is die hoogste beleidbepalers op elke regeringsvlak en hulle moet beleid wettig. Wetgewende instellings bestaan uit verteenwoordigers wat deur kiesers verkies is, of deur uitvoerende ampsbekleërs benoem is. Wetgewende instellings word op plaaslike, provinsiale en op sentrale owerheidsvlakke aangetref. Die wetgewende instellings is die vernaamste rolspelers in beleidbepaling omdat hulle moet toesien dat die wense van die gemeenskap bevredig word (Cloete, 1993:114).

Die sentrale wetgewende gesag wat bestaan uit verteenwoordigers van die bevolking in die parlement, is hoofsaaklik verantwoordelik vir die bepaling van oorhoofse beleid. Die sentrale wetgewende gesag het die outoriteit en mag om die gang van gebeure te bepaal deur middel van wetgewing. In die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996 het die parlement byvoorbeeld die bevoegdheid om wette te maak vir die vrede, orde en goeie regering van die land. Voordat 'n beoogde wet as wet van die parlement erken word, moet dit in die Staatskoerant gepubliseer word as konsepwetsontwerp ten einde belanghebbende partye die geleentheid te bied om kommentaar daarop te lewer. Die wetsontwerp word dan in die parlement ingedien en nadat die President sy goedkeuring daaraan verleen het, is dit wet. (Botes, Fourie & Roux 1992:60). Diagrammaties word die proses soos volg uitgebeeld:



Skematies kan die wetgewende instellings op die drie owerheidsvlakke soos volg uitgebeeld word:




Diagram 2.2 Die wetgewende gesag op die drie owerheidsvlakke (Soos aangepas uit Van der Walt en Helmold, 1995:37).

2.6.5 Politieke uitvoerende instellings

Hierdie instellings is die skakels tussen die wetgewers en die bevolking. Hulle is byvoorbeeld die verskillende staatsdepartemente, waarvan die onderwysdepartement een is. Die uitvoerende instellings is daarvoor verantwoordelik dat beleid geïmplementeer word en dat die behoeftes van die gemeenskap daardeur bevredig word. Hulle verstrek ook inligting en gee advies oor die standpunte, voorstelle, strategieë, planne en programme vir die implementering van die beoogde beleid indien dit aanvaar word (Cloete, 1993:115).

2.6.6 Ondersoekkommissies

Die kommissies word gewoonlik deur die President aangestel om inligting oor verskillende aangeleenthede te verkry, te verwerk en uitspraak daaroor te lewer. Hoe 'n spesifieke onderwysvraagstuk hanteer word, kan byvoorbeeld deur 'n spesifieke

kommissie ondersoek word. Die Nasionale Kommissie op Hoër Onderwys wat aanbevelings rondom die nuwe Onderwyswet, 1997 (No 101 van 1997) gelewer het, kan as voorbeeld dien. Die rol van ondersoekkommissies kan bepalend wees in die beleidbepalingsproses (Cloete, 1993:120).

2.6.7 Koerante en nuusmedia

In elke gemeenskap sal die koerante en tydskrifte (die pers) en nuusmedia (radio en televisie) 'n betekenisvolle rol in die politiek en beleidbepaling speel. Sou daar 'n behoefte aan 'n onafhanklike Christelike universiteit of kollege wees, kan die gemeenskap die media gebruik om die behoefte met sukses openbaar te maak. Die rol van die media moet dus nie onderskat word in beleidbepaling nie (Cloete, 1993:123).

Met voormelde as agtergrond kan daar vervolgens na die beleid van die ANC-regering-van-die-dag gekyk word om te bepaal wat die regeringsbeleid is met betrekking tot die skepping en ontwikkeling van privaat of onafhanklike instansies vir hoër onderwys.

2.7 ANC-BELEID TEN OPSIGTE VAN HOËR ONDERWYS

As regering-van-die-dag, is die ANC-beleid bepalend vir onderwysaangeleenthede in die land.

2.7.1 ANC-beleid na 1994

Die gebeure na die 1994-verkiesing het 'n nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika ingelyf. Die tydperk tot die 1999-verkiesing sluit die vyf-jaar-lange hoofstuk van post-apartheid, wat algemeen as die 'Mandela-era' bekend staan, af. Met die samestelling van 'n nuwe regering deur President Thabo Mbeki, beoog die ANC om hoër onderwys

verder te transformeer om sodoende gelyke toegang tot opvoeding vir alle mense te verseker. Die deel op menseregte, soos vervat in die Konstitusie van 1996 (No 108 van 1996) vorm die hoeksteen vir die demokratiese regering in Suid-Afrika. Dit waarborg die reg van alle mense ten opsigte van hulle waardigheid, gelykheid en vryheid en dit het 'n bepalende invloed op onderwys in die toekoms (GCIS dokument, 1999).

Die transformasieproses, wat onderwys insluit, word verder ook geaktiveer deur die beleid van billikheid en herstel. Volgens Dowling (1999:10) is die billikheid- en herstelbeleid daarop gemik om 'n einde aan die apartheidsbeleid te maak. Die ANC het dan ook bepaalde gedagtes oor hoe onderwys herstel moet word tot 'n stelsel wat al die mense in die land op 'n billike wyse sal dien.

Die regeringsbeleid van die ANC-regering is om onder andere:

- (1) Onderwys toeganklik vir almal te maak.
- (2) 'n Gelykvormige, nie-rassige en nie-seksistiese onderwysstelsel te skep.
- (3) Verpligte skoolbywoning vir alle leerlinge tot en met Graad 9 af te dwing.
- (4) 'n Nuwe onderwys Kurrikulum daar te stel, naamlik Kurrikulum-2005.
- (5) Die hoër onderwysstelsel te transformeer, om toeganklik vir almal te wees.
- (6) Onderwysers te herontploo.
- (7) 'n Regstellende aksie program te implementeer (GCIS dokument, 1999).

Sleuteltermen hier is dat onderwys meer toeganklik gemaak moet word vir almal en dat onderwys voortaan gelykvormig en nie-rassisties moet wees. In die beleid, wat in der waarheid die nuwe regeringsbeleid is, word nie pertinent melding gemaak van Christelike onderrig of Christelike onderriginstellings nie en word nuwe onderwys wetgewing, soos afgelei uit die Konstitusie, ontleed ten einde meer lig op die saak te werp.

2.8 ANC ONDERWYSWETGEWING MET SPESIFIEKE VERWYSING NA HOËR ONDERWYS

Ten einde nader aan die tema te kom, naamlik om vas te stel wat die regeringsbeleid is ten opsigte van die vestiging van Christelike onderrig en Christelike onderrig instellings, word die Grondwet van 1996 (Wet 108 van 1996) eers ontleed en daaruit voorspruitend die Onderwyswet van 1997 (No 101 van 1997).

2.8.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (No 108 van 1996)

Die gedeelte oor basiese menseregte in die Grondwet bepaal in Afdeling 29(3) dat almal die reg het om 'n onafhanklike (die Onderwyswet van 1997 (No 101 van 1997) opvoedkundige instelling op te rig en te onderhou op eie koste (soos gemeld, word die terme onafhanklike soos in die konstitusie vervat, en private soos in die wet vervat, wedersyds in hierdie skripsie gebruik), maar dat dit-

- (1) sonder diskriminasie op grond van ras moet geskied;
- (2) by die staat geregistreer moet wees; en
- (3) onderrigstandaarde moet handhaaf wat nie ondergeskik is aan standaarde gehandhaaf deur openbare opvoedkundige instellings nie.

As Afdeling 29(3) korrek geïnterpreteer word blyk dit dat die stigting van Christelike instellings soos universiteite en kolleges volgens die konstitusie toelaatbaar is. Al werklike voorwaarde is dat so 'n instelling nie geld van die staat kan verwag nie, nie diskriminerend teenoor rasse mag optree nie en bepaalde kwaliteit onderrig moet verskaf. Dit moet gekoppel word aan registrasie by die staat. Die aangeleentheid word verder ontleed deur na die Hoër Onderwyswet (No101 van 1997) te kyk.

2.8.2 Hoër Onderwyswet, 1997 (No 101 van 1997)

Bepaalde afdelings van die Hoër Onderwyswet (No 101 van 1997) verwys na private (onafhanklike) hoër onderwysinstellings ('n Hoër onderwysinstelling word in die Wet gedefinieer as enige instelling wat hoër onderrig voorsien, maar instellings wat kort kursusse aanbied kwalifiseer nie as 'n hoër onderwysinstelling nie). Afdeling 4.5 van die wet maak byvoorbeeld voorsiening vir die daarstelling van 'n Raad op Hoër Onderwys om die Minister van Onderwys met raad te adviseer, rakende hoër onderwysbelange.

Onder Afdeling 7 van die Wet, moet die Raad op Hoër Onderwys, 'n Hoër Onderwys Gehalte Komitee (HEQC) stig met die doel om:

- (1) Gehalte promosie te verseker en te beheer.
- (2) Om te verseker dat gehaltewerk in die onderwys as 'n geheel gehandhaaf word.
- (3) Verantwoordelik te wees vir die jaarlikse ouditering van privaat en publieke instellings se finansiële state.
- (4) Om op te tree as 'n onderwys en opleidingsgehalte versekeraar (Webstock, 1999:13).

Die beheer, beleidsbepaling en kriteria vir die werking van die liggaam, word bepaal en voorgeskryf deur Suid-Afrikaanse Kwalifiserings Owerheidswet (SAQA).

Privaat hoër onderwysinstelling kan dus gedefinieer word as enige instelling wat geregistreer, of voorwaardelik geregistreer is in terme van die Hoër Onderwyswet van 1997 (No 101 van 1997). Dit sluit buitelandse hoër onderwysinstellings in. Die wet verbied egter enige persoon, anders as 'n publieke hoër onderwysinstelling of staatsliggaam, hetsy lokaal of buitelandse, om enige hoër onderwys opvoeding (vanaf 1 Januarie 2000) aan te bied, mits daardie persoon geregistreer of voorwaardelik geregistreer is as 'n privaat hoër onderwysinstelling (Afd 51). Enige privaat instansie

wat nie geregistreer is nie, maar wat enige hoër onderwyskwalifikasie aanbied, is onderhewig aan 'n boete en/of vyf jaar tronkstraf (Afdeling 66(3)).

Die sleutelgedagte is dus dat enige privaat hoër onderwysinstelling gestig mag word, met dien verstandhouding dat sodanige instellings in terme van die Wet op Hoër Onderwys (No 101 van 1997) moet registreer.

2.8.3 Registrasie van 'n privaat instelling vir hoër onderwys

Volgens afdeling 53(1) van die Hoër Onderwyswet van 1997 is die Departement van Onderwys verbind om 'n privaat instelling vir hoër onderwys te registreer, indien daar rede is om te glo:

- (1) Dat die instelling finansiëel daartoe instaat is om aan die onderrigbehoefte van die studente te voldoen.
- (2) Dat die instelling aanvaarbare standaarde sal handhaaf in al sy hoër onderwyskwalifikasies/kursusse, wat nie ondergeskik of minderwaardig aan die standaarde van soortgelyke onderrig instellings sal wees nie.

Daar is egter ook geleentheid vir voorwaardelike registrasie, soos deur die Hoër Onderwys Gehalte Komitee (HEQC) neergelê.

2.8.4 Voorwaardelike registrasie

Onder Afdeling 54(3) mag voorwaardelike registrasie deur die Departement van Opvoeding gegee word indien die Departement van mening is dat die instelling in 'n aansoek om registrasie sal slaag aan die hand van die ouditering van so 'n instelling se boeke, dokumente en finansiële state deur 'n onafhanklike geregistreerde ouditeur.

Afdeling 62(2) verplig egter die Departement van Opvoeding om enige instelling se voorlopige registrasie in heroorweging te neem indien enige van die geakrediteerde programme tydens die periode van voorwaardelike registrasie onttrek word. Die Departement kan ook op grond van enige ander redelike gronde die voorlopige registrasie onttrek indien dit blyk dat die instelling nie die mas sal opkom om as 'n volwaardige instelling vir hoër onderwys te registreer nie (Afd 62(1)).

Enige privaat instelling mag egter volgens Afdeling 64 van die Hoër Onderwyswet (No 101 van 1997) by die Minister van Onderwys appelleer teen enige besluite wat deur die Departement van Opvoeding geneem word en wat verhoed dat so 'n instelling gestig mag word. Dit bring 'n mate van balans wat verhoed dat die Departement outoritêre besluite neem.

2.8.5 Registrering van privaat Christelike onderwysinstellings (Staatskoerant No 18787, 28 Maart 1999)

Uit voormelde kan afgelei word dat die Hoër Onderwyswet (No 101 van 1997) ruimte laat vir die stigting van private Christelike instellings vir Hoër Onderwys. Volgens die Staatskoerant van Maart 1998 (No 18787 van 28 Maart 1998), wat hoër onderwys aangeleenthede interpreteer, kan:

- (1) Privaat Christelike instellings vir hoër onderwys gestig word.
- (2) Die instellings moet by die staat registreer.

Private Christelike instellings vir hoër onderwys moet egter (Staatskoerant van Maart 1998 (No 18787 van 28 Maart 1998):

- (1) Programme van kwaliteit en gehalte aanbied.
- (2) Jaarliks geoudit word.

Voormelde ruim dus enige twyfel uit die weg dat die huidige regering die stigting en ontwikkeling van private instellings vir Christelike Hoër Onderrig sal goedkeur vir

registrasie, sou dit aan die neergelegde vereistes voldoen. Die regering het bepaalde wetgewing gepromulgeer aan die hand waarvan die kwaliteit en gehalte van die programme wat deur instellings vir hoër onderwys aangebied word, of gaan word, geëvalueer sal word. Die aangeleentheid word ondersoek.

2.8.6 Die Suid-Afrikaanse Kwalifiserings Owerheidswet (SAQA) van 1995 (No 58 van 1995)

Die wet maak daarvoor voorsiening, dat die Suid-Afrikaanse Kwalifiserings Owerheidswet (SAQA) as toesighouer en evalueerder oor die kwaliteit van onderrigprogramme in die land optree. SAQA moet verder beleid formuleer en kriterias daarstel vir liggame of departemente soos byvoorbeeld die Nasionale Liggaam vir Standaarde (NSB), wat verantwoordelik is vir die handhawing van onderwys- en opleidingstandaarde en die liggaam wat verantwoordelik is vir die akkreditering van kursusse, kurrikulums en programme, naamlik die Onderwys en Opleiding Gehalte Beheerliggaam (ETQA) (Afd 5(1(a)) (Webstock, 1999:13).

Die werksaamhede van hierdie liggame is van toepassing op alle instansies belas met hoër onderwys in die land, dus vir privaat Christelike instellings belas met hoër onderwys ook. Dit beteken dat 'n privaat Christelike instelling aan die vereistes van SAQA (insluitend die NSB en ETQA) sal moet voldoen om programme en opleiding van hoë gehalte te kan lewer en om dus hul stigting en voortbestaan te verseker (Jacobs, 1999:7-9).

2.8.7 Standaardbepaling

In die Staatskoerant, No 18787 van 28 Maart 1998, word ook 'n aantal aangeleenthede bespreek wat betrekking op private hoër onderwysinstellings het, insluitende private Christelike instellings vir hoër onderwys. Hierdie aangeleentheid kom daarop neer dat private hoër onderwysinstellings hulle kwalifikasies moet

registreer by die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk (NQF), deur die toepaslike Nasionale Standaard Liggaam (NSB) en SGB (Standards Generating Bodies). Sulke kwalifikasies moet voldoen aan die minimum vereistes, soos neergelê deur die relevante industrieë. Privaat Christelike instellings moet aan hierdie vereistes vir kwalifikasies voldoen om suksesvol te registreer en te funksioneer.

GET/ Algemene Onderwys en Opleiding	Vlak 1: Graad 0 – 9
FET/ Verdere Onderwys en Opleiding	Vlak 2 – 4: Graad 10 –12
HE/ Hoër Onderwys	Vlak 5: Nasionale Sertifikaat met 'n minimum van 120 krediete. Nasionale Diploma met 'n minimum van 240 krediete N4 tot N6 kwalifikasie
	Vlak 6: 'n Nasionale Eerste Graad met 'n minimum van 360 krediete
	Vlak 7: Hoër Graad en Professionele kwalifikasie met 'n minimum van 480 krediete. 'n Magister Graad met 'n minimum van 600 krediete.
	Vlak 8: Doktoraat en verdere navorsings Graad met 'n minimum van 840 krediete

Diagram 2.3 Onderrigvlakke volgens SAQA (Department of Education, 2 July 1999:8).

Die krediete verteenwoordig samevoegende krediete verwerf oor 'n sekere periode. Elke jaar van studie verteenwoordig 120 krediete, waarvan 72 krediete op die toepaslike vlak moet wees. Die aantal krediete vir fundamentele, kern en gekose vakke moet op die kwalifikasie van toepassing wees.

Een krediet verteenwoordig 10 uur voltydse nasionale onderrig. Die totale aantal krediete is 'n aanduiding van die verwagte gemiddelde tyd gespandeer deur die student om kennis vir 'n spesifieke uitkoms te bemeester. Tyd word verwys as kontaktyd, plus tyd gespandeer in laboratoriums, navorsingsinstansies en tuisstudie om die gevraagde werksopdragte te voltooi. (Department of Education, 2 July 1999:9).

'n Voltydse student is 'n student wat 120 krediete in een akademiese jaar voltooi het. (120 krediete is die ekwivalent aan een akademiese jaar). Deur al die krediete saam te voeg waarvoor die student vir die betrokke jaar ingeskryf het, is gelykstaande aan 'n voltydse ekwivalent vir een jaar ($10 \times 12 = 120$, $120 = 1 \text{ FTE/ voltydse ekwivalent}$). Voorgenome onderwysinstellings wat wil registreer sal aan die vereiste kriteria moet voldoen. Kursusse en studierigtings sal dus volgens die kredietstelsel uitgewerk moet word, soos vereis deur SAQA (Department of Education, 2 July 1999:9).

Standaardeenhede en kwalifikasies van instellings vir hoër onderwys, insluitende privaat Christelike instellings, kan in een, of meer van twaalf velde, programme of kwalifikasies registreer by die NSB. SAQA het tot hede die volgende velde geïdentifiseer:

- (1) Landbou en Natuurbewaring.
- (2) Kuns en Kultuur.
- (3) Kommunikasie en Tale.
- (4) Onderwys, Opleiding en Verdere Navorsing Ontwikkeling.
- (5) Vervaardiging, Ingenieurswese en Tegnologie.
- (6) Menslike en Sosiale Studies.
- (7) Regte, Militêre Wetenskappe en Sekuriteit.
- (8) Gesondheid en Sosiale Dienste.
- (9) Fisiese-, Wiskundige- en Rekenaarwetenskappe.
- (10) Dienslewering.

(11) Beplanning en Konstruksie

(12) Besigheid, Handel en Bestuur Studies (Department of Education, 2 July 1999:10).

Enige privaat Christelike instelling vir hoër onderwys, kan binne hierdie sogenaamde velde programme of kwalifikasies aanbied. Die sleutel bly kwaliteit en ook kapasiteit. Indien 'n privaat Christelike instelling nie oor die kapasiteit betreffende die nodige mannekrag beskik om programme aan te bied nie, sal so 'n program nie geregistreer kan word nie.

2.8 SAMEVATTING

Politieke verandering in Suid-Afrika sedert 1994 het 'n nuwe politieke dispensasie in Suid-Afrika teweeggebring. Die 1994 verkiesing het 'n einde aan die Nasionale Party se apartheidsbeleid gebring, met 'n nuwe beleid van demokrasie soos deur die ANC voorgestel. Hierdie beleid van die ANC word geïnkorporeer in die Grondwet en voortspruitende wetgewing.

Die Grondwet maak voorsiening vir die registrasie van 'n privaat Christelike instelling vir hoër onderwys wat onderhewig is aan die bepalings vervat in die Grondwet, 1996 (No 108 van 1996). Die bepalings stel dit dat die standaard van private instansies nie ondergeskik aan die ekwiwalente bestaande instellings, soos Staatsondersteunde teknikons, kolleges en universiteite mag wees nie. Dit beteken dat publieke instellings as maatstaf sal dien vir die standarde van ander soortgelyke instellings. Onderskeibare en kenmerkende waardes, ethos, en kriteria wat geld vir publieke universiteite, teknikons en kolleges, sal dan ook van toepassing wees vir privaat Christelike instellings vir hoër onderwys, ongeag of die instelling 'n lokale of buitelandse instelling is.

Volgens 'n skrywe in die Staatskoerant (No 18207, 15 Augustus 1997) erken die Minister van Onderwys die buitengewone belangrike rol wat privaat instellings in

Suid-Afrika speel met betrekking tot werkskepping en studente eise. 'n Belangrike uitdaging vir die regering is opgesluit in die rol van gesonde opvoedkundige praktyke en die handhawing van volgehoue privaat hoër onderwysinstellings, in terme van die toepaslike wetgewing met die doel om swak kwaliteit in die hoër onderwys uit te roei (paragraaf 2.55, Onderwys Witskrif 3, Staatskoerant No 18207, 15 Augustus 1997).

Regtens is die Nasionale Onderwysdepartement verplig om as wag hond oor privaat hoër onderwysinstellings in Suid-Afrika op te tree. Vir die doel is die Wet op Hoër Onderwys van 1997 (No 101 van 1997), Afdeling 52, 53(2), 58, 60, daargestel, wat dien as maatstaf met reëls en regulasies vir die registrasie van privaat en publieke universiteite. Dit staan dus 'n privaat Christelike instelling vir hoër onderwys vry om in enige, of al die velde, programme aan te bied mits daar aan SAQA se standarde voldoen word. Enige organisasie kan ook so 'n instelling bedryf sonder registrasie, mits sodanige instelling in die proses van registrasie is en dit duidelik in die instelling se dokumente aangedui word. Sodanige instellings kan dan hulle eie sertifikate, diplomas of grade uitreik indien studente sodanige kursusse suksesvol slaag.

Met voormelde as agtergrond, naamlik dat dit wetlik moontlik is om 'n privaat Christelike instelling vir hoër onderwys te kan stig, is dit noodsaaklik om te bepaal of so 'n instelling 'n universiteit, teknikon of kollege behoort te wees. In die volgende hoofstuk word derhalwe aandag aan hierdie aangeleentheid bestee en sal daar gepoog word om te bepaal watter instelling vir Christelike hoër onderwys by Lofdal Bedieninge gevestig behoort te word, te wete 'n universiteit, teknikon of kollege.

HOOFSTUK 3

SOORTE INSTELLINGS VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS BINNE REGERINGSBELEID

3.1 INLEIDING

Uit die voorafgaande hoofstuk kan afgelei word dat 'n private, of onafhanklike instelling, wel kan registreer as 'n instansie wat hoër onderwysprogramme kan aanbied. Soos gemeld moet so 'n instelling by die Departement van Onderwys geregistreer word en moet dit ook finansieël lewensvatbaar wees en terselfdertyd programme van hoë gehalte lewer. 'n Voormalige Minister van Onderwys (prof Sibusio Bengu) het dit ook duidelik gestel dat privaat of onafhanklike onderwys instellings 'n belangrike rol in die uitbreiding van hoër onderwys speel deurdat dit onder andere werksgeleenthede skep wat bydra tot ekonomiese stabiliteit in die land. 'n Belangrike uitdaging vir die regering is daarom die daarstelling en uitbreiding van 'n effektiewe privaat hoër onderwysstelsel deur promulgering van wetgewing wat privaat instellings vir hoër onderwys stimuleer. (Education White Paper 3, Government Gazette No 18207, paragraph 2.55: 15 August 1997).

Daar kan dus gestel word dat daar 'n wetlike verantwoordelikheid op die Onderwys Departement berus om die Suid-Afrikaanse publiek te dien deur privaat hoër onderwys in Suid-Afrika aan te moedig. Die Departement van Onderwys stel dit egter ook dat privaat hoër onderwysinstansies se werkverrigting, integriteit en gehalte op so 'n vlak moet wees dat dit die vertroue van die hoër onderwys, die gemeenskap en die publiek moet verdien.

‘n Privaat kerkinstansie, soos Lofdal Bedieninge, sal dus ‘n instelling vir hoër onderwys kan vestig, maar die vraag wat ontstaan is of so ‘n instelling ‘n universiteit, teknikon of kollege moet wees? ‘n Antwoord op hierdie vraag sal verkry moet word alvorens ‘n organisatoriese struktuur ontwerp kan word vir ‘n toepaslike instelling vir hoër onderwys by Lofdal Bedieninge, want die organisatoriese samestelling verskil tussen genoemde drie instellings vir hoër onderwys.

Daar gaan gevolglik in hierdie hoofstuk ontleed word wat die verskille tussen universiteite, teknikons en kolleges is. Eers dan kan organiseringsteorië (hoofstuk 4) ontleed word en ‘n eiesoortige onderwysinstelling, met ‘n eiesoortige organisatoriese struktuur vir Lofdal Bedieninge (hoofstuk 5) ontwikkel word.

3.2 DIE WESE EN FUNKSIES VAN ‘N UNIVERSITEIT

‘n Universiteit is in wese ‘n selfstandige instelling, soewerein in eie kring en daarom ook outonoom, alhoewel dit in noue kontak met die omgewing is. Universiteite is ook ‘n regspersoonlikheid met ‘n plaaslike en nasionale, asook ‘n internasionale verbondenheid en skakeling (Koers, supplement 1. 1998:231).

Die primêre funksie van ‘n universiteit is die beoefening van die wetenskap in al sy vertakkinge deur navorsing, onderrig, opleiding en opvoeding van sy studente. Navorsing het, volgens Nel (1982:20), te doen met die verkryging van nuwe kennis. Dit handel oor die selfstandige verwerwing van inligting oor ‘n bepaalde kennisgebied. Onder navorsing word daar verstaan dat inligting ingesamel word, onderrig gegee word en kennis weergegee word, in die vorm van die publisering van gegewens oor ‘n bepaalde onderwerp.

Navorsing behoort dus tradisioneel tot die wese van ‘n universiteit. Deur middel van navorsing word die student toegelaat om op gevorderde vlak kennis op te doen oor

bepaalde onderwerpe (Nel, 1982:20). Onderwysnavorsing word vir die student 'n werklikheid, hoofsaaklik deur onderrig, onder leiding van die dosent. As opvoedingstaak, beteken opvoeding die weergee van kennis en die vorming van die student tot 'n volwasse denker (Nel, 1982 : 22).

'n Universiteit ontwikkel sy studente deur hulle voor te berei vir die staatkundige en kulturele lewe en om goed toegeruste burgers te wees (Nel 1982:20). As sodanig kan die taak en funksies van 'n universiteit soos volg saamgevat word:

- (1) 'n Universiteit bevorder geleerdheid deur navorsing en onderrig.
- (2) 'n Universiteit berei sy studente voor vir gespesialiseerde professies.
- (3) 'n Universiteit berei sy studente voor vir die staatkundige en kulturele lewe.
- (4) 'n Universiteit bemark sy deskundiges om sodoende 'n bydrae te maak tot nuwe produkte en dienste en tot die ontwikkeling van die gemeenskap (Koers, supplement 1, 1998:232)

Nel (1982:12) lê klem op die feit dat 'n universiteit moet poog om al die wetenskaplike fakulteite aan te bied ten einde as 'n universiteit erken te word. In terme van die Westerse tradisie is 'n universiteit wat nie 'n fakulteit Teologie of Medisyne het nie, 'n *contradictio in terminis*, en dus geen volwaardige universiteit nie. Gebeure na die Tweede Wêreldoorlog het daartoe aanleiding gegee, dat as gevolg van die ontwikkeling van die natuurwetenskappe en tegnologie, kurrikulums van universiteite radikaal verander het. Dit op sy beurt het aanleiding gegee dat elke universiteit deur 'n bepaalde samelewing tot stand gebring en in stand gehou word. Die universiteit weerspieël die kultuur van die samelewing en dit is die norme vir die universiteit. Sodanige universiteite het dus 'n verpligting teenoor die samelewing (Nel, 1982:18).

Die snelle verandering van die maatskaplike strukture het egter nuwe eise aan die hoër onderwys gestel en die vraag na praktyk- en beroepsgerigte studente het toegeneem (Nel, 1982 : 82). Dit het die klem op teknikons laat val.

3.3 DIE WESE EN FUNKSIES VAN 'N TECHNIKON

Technikons is instellings wat deel uitmaak van die hoër onderwysstelsel. Hierdie instellings bied tersiêre beroepsgesentreerde programme aan. Die oorsprong van die naam is die Griekse woord *trechne*, wat verwys na mense wat kunssinnig, handig of bedrewe vakmanne is. In die Verenigde Koninkryk en in die VSA word hulle onderskeidelik 'Polytechnics' en 'Institutes of Technology' genoem (Die A tot Z van Loopbane in Suid-Afrika 1994:21).

Daar word algemeen aanvaar dat teknikons in Suid-Afrika in 1958 ontstaan het toe die T-kursusse vir die Nasionale Diploma vir Ingenieurstechnici, asook ander diploma kursusse in ander studierigtings nog deur Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys aangebied is (My Career, 1998:50).

Die doel van technikonopleiding is om mense in die arbeidsmark in te stuur wat gekwalifiseerd is om aangestel te word in tegniese poste en mense te lewer wat die tegnologie in die praktyk kan beoefen en wat 'n spesifieke bydrae tot tegnologiese ontwikkeling kan maak (Die A tot Z van Loopbane in Suid-Afrika 1994:22).

Belangrikke kenmerke van 'n technikon is onder andere die volgende:

- (1) Technikons word beskou as tersiêre instellings.
- (2) Technikons konsentreer op die praktiese onderrig van studente.
- (3) Die minimum toelatingsvereiste is 'n senior sertifikaat of N3-kwalifikasie, plus twee tale op matriek vlak.
- (4) Benewens sertifikate en diplomas bied die teknikons ook graadkursusse aan, te wete, B.Tech-, M. Tech- en D. Tech-grade.

Voormelde dui daarop dat teknikons meer vakkundig van aard is as wat universiteite is.

3.4 DIE AARD EN WESE VAN KOLLEGES

Volgens die verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) is 'n kollege 'n inrigting vir hoër onderwys, sonder die reg om grade, soos deur 'n universiteit, toe te ken. Kolleges kan registreer by die Vereniging van Privaatkolleges van Suid-Afrika en die Raad van Korrespondensiekolleges. Kolleges het hulleself ten doel gestel die opleiding van studente deur die aanbieding van professionele kursusse.

Beroepskolleges soos Onderwyskolleges, Verpleegkolleges en Landboukolleges maak voorsiening vir beroepsonderwys- en opleidingsprogramme, ooreenkomstig die behoeftes en eise van bepaalde beroepsektore op na-skoolse vlak.

Tans is daar 90 kolleges wat lede van die Vereniging van Privaatkolleges van Suid-Afrika is. Hulle handhaaf die hoogste standaard van opvoeding en bied 'n wye verskeidenheid kursusse aan. Die meeste van die kolleges bied hulle eie sertifikate en diplomas aan. Sommige kolleges is by universiteite geaffilieer wat hulle dan in staat stel om graadkursusse aan te bied. Diplomas sluit onder andere kursusse in wat deur professionele liggame erken word, soos byvoorbeeld die IGSA-diploma, IAH-diploma, IBB-diploma en die IBO-diploma (Die A tot Z van loopbane in Suid-Afrika 1994).

3.5 OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN UNIVERSITEITE, TECHNIKONS EN KOLLEGES

Die vernaamste ooreenkomste tussen universiteite, teknikons en kolleges word vervolgens baie kortliks bespreek, aangesien 'n volledige en indiepte ontleding buite die bestek van hierdie skripsie val.

3.5.1 Ooreenkomste tussen universiteite, teknikons en kolleges

Daar is bepaalde ooreenkomste tussen genoemde drie onderriginstansies. Die vernaamste ooreenkomste kan soos volg beskryf word.(Koers, supplement 1, 1998:376):

- (1) Die eerste ooreenkoms is nie struktureel van aard nie, maar handel oor staatsbeheer. Aangesien hoër onderwysinstellings finansiële steun van die staat nodig het, het die staat finansiële beheer oor die instellings en kan universiteite, teknikons en kolleges as onderdele van die staat beskou word. Die onderskeie staatsdepartemente oefen nie net bloot kontrole oor onderrig instellings uit nie, maar het 'n hele burokrasie opgebou wat op 'n totalitêre wyse in interne sake van die instansies inmeng.
- (2) In al drie die onderriginstansies, te wete universiteite, teknikons en kolleges word wetenskap beoefen, waar daar oor data besin word, norme vasgestel word, teorieë gevorm word en perspektiewe uitgebou en gekommunikeer word. Al drie die instansies word dus gekwalifiseer deur wetenskaplike kultivering van kennis en word gefundeer in die ingewikkelde gang van menslike kulture.
- (3) Al drie die instellings het 'n opvoedkundige taak wat opgeleide studente aan die gemeenskap moet lewer.
- (4) Al drie die instansies bied sosiale betrokkenheidsprogramme aan.

Die vernaamste ooreenkomste word dus gevind in eenvormige staatsbeheer en veral in die feit dat al drie instansies 'n onderrigtaak het. Dit wil voorkom of die ooreenkomste tussen universiteite, teknikons en kolleges nie veel lig op die onderwerp werp of die onderriginstelling vir hoër onderwys, wat by Lofdal Bedieninge geskep moet word, een van genoemde drie instansies moet wees nie. Klem word daarom op die verskille tussen die drie instellings gelê om te bepaal of dit nie meer lig op die onderwerp sal werp nie.

3.5.2 Verskille tussen universiteite, teknikons en kolleges

Verskeie verskille kom voor tussen universiteite, teknikons en kolleges, waarvan die vernaamste vervolgens uitgelig gaan word. Die vernaamste verskille word waarskynlik op die terrein van wetenskapsbeoefening gevind.

3.5.2.1 Verskille in wetenskapbeoefening

- (1) 'n Universiteit is 'n tersiêre onderwysinstelling waar kritiese-kreatiewe denke baie belangrik is. Dit wil dus voorkom of kritiese- en kreatiewe denke 'n belangrike bestanddeel van 'n universiteit is, wat nie ten volle die geval by teknikons en kolleges is nie. Dit beteken nie dat sodanige denke nie ook by teknikons en kolleges gevind word nie, maar by universiteite vorm dit 'n integrale deel van die onderrigproses (Koers, supplement 1, 1998:366).
- (2) 'n Universiteit neem nie verantwoordelikheid vir die totale opvoeding van studente nie en lei nie studente vir enige of toegepaste beroep op nie. Opleiding geskied net vir beroepe waarvoor wetenskaplike vaardighede 'n vereiste is.
- (3) Kolleges bied professionele onderrig aan, soos byvoorbeeld Onderwys Kolleges waar professionele onderwysers opgelei word.
- (4) Teknikons bied en verskaf tegniese opleiding aan sy studente. Die student wat afgelewer word moet met ander woorde in die praktyk kan instap met basiese vaardighede om dadelik met sy of haar beroep te kan begin (Die A tot Z van loopbane in Suid-Afrika, 1994).

Lofdal Bedieninge beskik nie oor die fondse om duur fasiliteite te skep vir onderrig waar studente in basiese vaardighede onderrig kan word nie. Die kerk stel ook nie daarin belang om professionele onderrig aan te bied nie. Die behoefte vir onderrig is gesetel in die onderrig van studente in basiese wetenskaplike vaardighede, soos wat op universiteitsvlak aangebied word (Van Rensburg, 15 Augustus 1999).

Wat wetenskapsbeoefening aanbetref, blyk dit dus dat die Instelling vir hoër onderwys wat by Lofdal Bedieninge gevestig staan te word, die karakter van 'n universiteit behoort aan te neem.

3.5.2.2 Verskille ten opsigte van toelatingsvereistes

- (1) Studente wat aan 'n universiteit wil studeer moet 'n matrikulasievrystellings-sertifikaat verwerf deur die nasionale matrikulasie-eksamen suksesvol af te lê. (Die A tot Z van loopbane in Suid-Afrika, 1994:33).
- (2) Studente wat aan 'n teknikon of kollege studeer, het nie matrikulasievrystelling nodig nie.
- (3) Sekere fakulteite by universiteite stel selfs hoër toelatingsvereistes voor, soos byvoorbeeld wetenskapsfakulteite wat bykomende vereistes stel vir toelating as student tot die fakulteit (My Career, 1998:23).

Lofdal Bedieninge wil graag studente toelaat wat oor matrikulasievrystelling beskik. Dit beteken dat, ook wat hierdie aspek aanbetref, die neiging tot 'n universiteit eerder as 'n teknikon of kollege by Lofdal Bedieninge bestaan (Van Rensburg, 15 Augustus 1999).

3.5.2.3 Sertifisering/kwalifikasie verskille

- (1) Die kwalifikasie wat deur 'n universiteit toegeken word, gee aan die gegradueerde aanspraak op sekere voorregte, soos byvoorbeeld die registrasie by professionele liggame soos die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkunde Raad. Dit gee ook toegang tot 'n sekere status, soos die eksamen wat slegs deur graduandi vir Geoktrooieerde Rekenmeester afgelê kan word, of registrasie as byvoorbeeld 'n Professionele Ingenieur (Die A tot Z van loopbane in Suid-Afrika, 1994).

- (2) Om 'n akademiese doktorsgraad (Ph.D) te behaal kan as die hoogste vlak van wetenskapsbeoefening beskou word en hierdie akademiese prestasie kan slegs by 'n universiteit behaal word (My Career, 1998:22).

Omdat Lofdal Bedieninge mettertyd onderrig tot op magister en selfs doktorale vlak wil aanbied, lyk dit asof die instelling in hoër onderwys by Lofdal Bedieninge neig na 'n universiteit.

3.6 SOORT INSTELLING VIR HOËR ONDERWYS BY LOFDAL BEDIENINGE

Die terstigte instelling vir hoër onderwys by Lofdal Bedieninge behoort die volgende funksies na te streef (Van Rensburg, 1999: gebaseer op die inligting verkry uit par 3.2 op p.29):

- (1) Dit moet die soeke na kennis en geleerdheid, binne 'n Christelike omgewing, bevorder.
- (2) Dit moet studente oplei en voorberei vir professionele beroepe, waarvoor wetenskaplike opleiding nodig is.
- (3) Dit moet 'n outonome instelling wees wat akademiese vryheid geniet

Voormelde onderhoud en inligting dui daarop dat Lofdal Bedieninge eerder met universiteitsprogramme wil begin, as programme wat op die terrein van 'n teknikon of kollege sou val. Omdat die instelling vir hoër onderwys by Lofdal Bedieninge egter nie met die volle spektrum van fakulteite soos groot universiteite kan begin nie, sal die benaming kollege egter nie buite rekening gelaat kan word nie. Vir die doeleindes van hierdie skripsie gaan daar egter vervolgens na die skepping van 'n universiteit by Lofdal Bedieninge gepraat word omdat dit die uiteindelijke ideaal is wat nagestreef gaan word.

'n Vraag wat nou beantwoord moet word is wat die verdere omvang van die stigting van so 'n privaatinstelling by Lofdal Bedieninge sal behels.

3.6.1 Aangeleenthede wat ingedagte gehou sal moet word by die stigting van die Universiteit by Lofdal Bedieninge

Wanneer 'n privaat instelling, soos 'n universiteit gevestig word, sal die stigters bepaalde aspekte in gedagte moet hou in die stigting van die instelling. Hierdie aspekte word vanweë die omvang daarvan nie in hierdie skripsie volledig bespreek nie omdat die skripsie net op die daarstelling van die organisatoriese indeling van die terstigte instelling by Lofdal Bedieninge konsentreer. Dit word net volledigheidshalwe hier genoem.

Aandag moet gegee word aan onder andere die volgende:

- (1) Die regposisie van so 'n universiteit.
- (2) Hoe die Christelike karakter van so 'n universiteit uitgebou gaan word.
- (3) Hoe die universiteit gemeenskapsontwikkeling gaan bevorder.
- (4) Hoe die universiteit sosiale gevoeligheid gaan ontwikkel.
- (5) Hoe finansiële vryheid bekom gaan word, insluitende die berekening van bronne van inkomste en verkryging van navorsingsfondse.
- (6) Hoe personeelsake bestuur gaan word.
- (7) Hoe die instelling bemark gaan word.
- (8) Hoe akademiese ontwikkeling bevorder gaan word.
- (9) Hoe steunprogramme ontwikkel gaan word.
- (10) Hoe die norme en standaarde vir leerplanne, eksaminering en sertifisering van kwalifikasies onderneem gaan word.
- (11) Hoe outonomie en akademiese vryheid nagestreef gaan word.

Die private universiteit wat by Lofdal Bedieninge gestig staan te word, sal soos uit die studie tot dusver afgelei kan word, in 'n bepaalde verhouding met die staat moet staan. Hierdie verhouding word kortliks aangeraak.

3.7 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE STAAT EN DIE PRIVAAT INSTELLING VIR HOËR ONDERWYS BY LOFDAL BEDIENINGE

Soos in hoofstuk twee uitgewys bepaal die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (No 108 van 1996) dat alle diskriminerende wette rakende onderwys opgehef moet word en dat opvoedkundige instansies toegankbaar vir alle rasse gemaak moet word. Opvoedkundige instansies is dus onthef van kultuurgebonde verpligtinge teenoor die samelewing. Die staat het gevolglik 'n besliste verantwoordelikheid teenoor opvoedkundige instansies. Ten eerste moet die staat die instelling van hoër onderwys erken en beskerm en tweedens moet die staat die wettige instelling finansiële ondersteun deur middel van subsidies. Sodanige instansies het op hul beurt dus ook 'n verantwoordelikheid en aanspreeklikheid teenoor die staat en die gemeenskap (Koers, supplement 1, 1998:239).

Daarom word daar talle maatreëls van regeringsweë getref wat uitvoering gee aan die verantwoordelikheid van die staat, aan die een kant en die rekenskap van die instelling aan die ander kant. Die terstigte instelling vir hoër onderwys by Lofdal Bedieninge sal die volgende belangrike maatreëls ten opsigte van die skakeling met die regering in ag moet neem wanneer so 'n instelling gevestig en ontwikkel word:

- (1) Kontrole oor finansiële bestuur sal deur die staat uitgeoefen word sou die instelling by Lofdal Bedieninge dit regkry om 'n staatsubsidie te ontvang. Sou 'n staatsubsidie nie ter sprake wees nie sal hierdie vereiste uit die aard van die saak nie so belangrik wees nie.

- (2) Kontrole oor akademiese standaarde sal voorkom. In hierdie verband sal die bepalinge van die Onderwyswet van 1997 (No 101 van 1997) soos in par.2.8.2 in hoofstuk twee (kyk p.23) bespreek van toepassing wees.
- (3) Bepalinge met betrekking tot die minimumstandaarde vir toetredende tot die instansie sal deur die staat bepaal word.
- (4) Toestemming vir die uitbreiding of inkorting van akademiese werksaamhede sal deur die staat bepaal word (Koers, supplement 1, 1998:240).
- (5) So 'n universiteit sal 'n kwalifikasie moet aanbied op vlak 6, 7 en 8 volgens die NQF vereistes (kyk p.27).
- (6) So 'n universiteit sal homself ook moet leen tot onderrig, navorsing en aan gemeenskapdiens.
- (7) Die universiteit sal aan 'n jaarlikse akkreditering deur SAQA onderworpe wees (Department of Education 2 July 1999:32)

Alhoewel Lofdal Bedieninge dus na 'n outonome privaat instelling streef om binne kerkverband te funksioneer, is dit duidelik uit die voormelde dat so 'n instelling nie los van staatsbeheer kan werk of staan nie. Daarvoor bestaan daar wetgewende maatreëls om regeringsbeheer oor sekere sake te verseker.

Met die voormelde bespreking as agtergrond is dit vervolgens noodsaaklik om aandag aan die skepping van bepaalde organisatoriese strukture te gee ten einde 'n visuele raamwerk van die terstigte universiteit daar te stel. Dit sal aan Lofdal Bedieninge verdere duidelikheid gee van hoe 'n universiteit daar sal uitsien. Die organisatoriese struktuur sal egter op vaste teoretiese beginsels van organisering gebou moet word. Hierdie organiseringsbeginsels word in die volgende hoofstuk bespreek.

3.8 SAMEVATTING

Volgens die verklaring wat uitgereik is deur die GCIS (Government Communication and Information System, 1999), wat die onderwysbeleid van die ANC uitspel, is die intensies van die regering-van-die-dag om die ongeletterheidsprobleem in Suid-Afrika aan te spreek, om aan die minderbevoorregtes aandag te gee wat meebring dat privaat instansies nie hoog op die prioriteitslys van die regering is nie. Wetgewing na 1994 maak voorsiening vir privaat instansies om te registreer as universiteite, teknikons of kolleges. Vir die doel het daar 'n struktuur verandering in die departement plaasgevind, met die doel om onderwys toeganklik vir almal te maak.

Alle kursusse moet by die NQF geregistreer word, wat die uitkoms gebaseerde onderrigbeleid insluit en wat deur SAQA geakkrediteer word, wat ook voorsiening maak vir die ontwikkeling en implementering van NQF. Met hierdie nuwe benadering tot hoër onderwys word die geleentheid vir alle mense geskep om te studeer en kan hulle 'n sertifikaat, diploma of graad verwerf aan 'n universiteit, teknikon of kollege, deur middel van 'n krediet stelsel.

Die stigting van 'n privaatusiversiteit by Lofdal Bedieninge sal dus die mees aangewese wees om die funksies van die terstigte universiteit by Lofdal Bedieninge (verwys na par.3.6) te verwesenlik binne die struktuur, vereistes en visie van die regering, om aan alle mense die geleentheid tot onderwys te bied. Daar kan vervolgens in hoofstuk 4 voortgegaan word met die ontleding van die grondslae van organiseringsbeginsels vir die skepping van organisatoriese strukture vir die privaat universiteit by Lofdal Bedieninge.

HOOFSTUK 4

ORGANISERINGSBEGINSELS VAN TOEPASSING VIR DIE DAARSTELLING VAN 'N PRIVATE UNIVERSITEIT

4.1 INLEIDING

Die primêre funksie van 'n instelling vir hoër onderwys, byvoorbeeld 'n universiteit, soos wat uit hoofstuk 3 afgelei kan word, is die beoefening van die wetenskap in al sy vertakkinge deur navorsing, onderrig, opleiding en opvoeding van sy studente (Die terme instelling en universiteite, wat na 'n wetlik ingestelde organisasie verwys, sal wedersyds gebruik word om 'n instelling vir hoër onderwys aan te dui). 'n Besondere eienskap van 'n instelling soos 'n universiteit, is sy outonomie (soewereiniteit selfstandigheid) wat regtens, soos in hoofstuk 2 vervat is, beskerm word. Dit gee aan mense die reg (volgens artikel 14(1) van die Grondwet, 1996) om volgens godsdienstige oortuigings en opinies, waarby akademiese vryheid inbegrepe is, 'n universiteit te kan organiseer. Hierdie outonomie, in die strewe na basiese wetenskapsbeoefening lei daartoe dat universiteite 'n eiesoortige organisatoriese struktuur het wat verskil van byvoorbeeld staatsinstellings.

Volgens Thompson en Strickland (1998:10-20) word 'n organisasie daargestel wanneer twee of meer mense in 'n institusionele verband saamwerk met die oog daarop om 'n doel te bereik. Sodra mense in 'n bepaalde groepsverband, soos by 'n universiteit, met mekaar saamwerk is dit noodsaaklik dat een of ander vorm van organisatoriese verhouding tot stand gebring word. In die proses sal stappe gedoen moet word om die verhouding tussen individue te formuleer, te sistematiseer en te

balanseer. Die handeling wat nodig is om hierdie formele of informele verhoudings te bepaal, het in wese met organisering te doen.

In hierdie hoofstuk gaan daar aandag gegee word aan die grondslae vir die skepping van organisatoriese strukture by instellings. Aandag gaan ook kortliks gegee word aan die verskillende modelle van organisering, met die doel om te bepaal watter model die geskikste vir die daarstelling van 'n universiteit by Lofdal Bedieninge sal wees. Daar word ook aandag gegee aan die bepalinge van organisatoriese beginsels en hoe dit binne 'n instelling manifesteer. Hierdie hoofstuk sal die raamwerk verskaf, aan die hand waarvan die terstigte universiteit by Lofdal Bedieninge (Kyk hoofstuk 5) organiseer sal word.

4.2 DOELWIT MET ORGANISERING

'n Organisatoriese struktuur kan nie bestaan of funksioneer sonder die teenwoordigheid van mense nie. Kreitner en Kinicki (1998:7) verwys na organisering as die proses waardeur mense, deur saam te werk, 'n organisasie se doelwitte en objekte doeltreffend en eties kan bereik. Die doelwit van organisering lê daarin opgesluit dat organisering lei tot struktuurskepping aan die hand van werksverdeling. Werksverdeling is belangrik omdat struktuurskepping daardeur sinvol onderneem kan word met die oog op die nastrewing van doelwitte. Werkverdeling beteken in der waarheid dat werk in afdelings en seksies ingedeel word (Van Wyk, 1989:14).

Die resultaat van werkverdeling in 'n universiteit is onder andere die skepping van verskillende fakulteite en skole. Deur werkverdeling word doeltreffende en effektiewe werksaamhede in die instelling verseker omdat elke werknemer sodoende die doelwitte wat nagestreef word, kan identifiseer (Van Wyk, 1989:14).

Organisering is gevolglik belangrik en is 'n voortdurende handeling in elke instelling, want sodoende word doelwitte neergelê, strukture geskep en individue georden ten

einde gemeenskapsbehoefte te kan bevredig. Met verloop van jare het daar verskillende modelle van organisering ontstaan wat wissel van geslote modelle, waar organisatoriese strukture nie ontvanklik vir insette uit die omgewing is nie, tot oop modelle waar die omgewing sulke strukture deurlopend beïnvloed (Van Wyk, 1989:14). Universiteite resorteer onder oop modelle want die omgewing het bepalende invloede op die stelsel. Die saak word kortliks toegelig om aan te toon tot watter mate die omgewing 'n invloed sal hê op die struktuurskepping, vir die stigting van 'n universiteit by Lofdal Bedieninge.

4.3 UNIVERSITEITSTRUKTURE AS OOP MODEL

'n Universiteit is, soos in hoofstuk drie genoem, in wese 'n selfstandige lewensverband, soewerein in eie kring en daarom ook outonoom, wat as nuwe unieke lewensverband saamgestel is. Daar word ook aangetoon dat daar 'n nasionale, asook 'n internasionale verbondenheid is met die oog daarop om 'n instelling van hoër onderwys te wees waar wetenskapbeoefening in al sy fasette plaasvind (Koers, supplement 1, 1998:231).

Die primêre funksie van 'n universiteit is die beoefening van die wetenskap in al sy vertakkinge deur navorsing, onderrig, opleiding en opvoeding van sy studente. 'n Universiteit moet ook op sodanige wyse in die gemeenskap betrokke wees dat die gemeenskap baat kan vind deur universiteitsuitsette. Hiervolgens moet die universiteit akademies effektief sowel as administratief en ekonomies, doeltreffend wees (Koers, supplement 1, 1998:231-232).

Vir effektiewe en doeltreffende beheer kan 'n universiteit nie as 'n geslote struktuur funksioneer nie. Die transformasie proses in Suid-Afrika lewer byvoorbeeld insette wat deur die universiteit verwerk moet word sodat doeltreffende en effektiewe uitsette gelewer kan word (Coetsee, 1996:35).




Diagram 4.1 'n Model van 'n oop struktuur (Kreitner & Kinicki, 1998:567).

'n Universiteit kan volgens diagram 4.1 die beste as 'n oop model funksioneer, aangesien 'n universiteit as 'n eenheid tog interafhanklik met die omgewing funksioneer. Strukture in 'n universiteit word in sub-strukture verdeel wat verskillende fakulteite verteenwoordig en wat onafhanklik van mekaar kan funksioneer, maar terselfdertyd 'n geheel verteenwoordig. Interaksie tussen die verskillende eenhede in die organisasie word beklemtoon, kommunikasie geskied vertikaal en horisontaal terwyl individue gesien word as verantwoordelike persone met 'n eie identiteit (Kreitner & Kinicki, 1998:567-568).

Dit beteken dat 'n hoër onderwysinstansie, soos 'n universiteit of technikon soms met 'n onsekere en soms selfs twyfelagtige omgewing gekonfronteer word. Daarom is dit noodsaaklik dat die universiteit moet kan aanpas as dit wil oorleef. Die insette soos gestel in diagram 4.1 moet voortdurend gekontroleer word teen die uitsette om

doeltreffendheid te bepaal. Voormelde kan ook aan die hand van diagram 4.2 verduidelik word (Coetsee, 1996:35).




Diagram 4.2 Die organisasie as 'n oop model (Kreitner&Kinicki, 1998:567).

Dit is belangrik om daarop te wys dat 'n organisasie soos 'n universiteit in formele en informele strukture met sub-strukture ingedeel word (diagram 4.2) waar individue 'n funksionerende rol speel en van mekaar afhanklik is. Interaksie, hetsy formeel of informeel kom voor. 'n Organisasie as oop model bestaan dus uit strukture, individue, groepe en spanne wat 'n doelwit nastreef en wil verwesenlik (Kreitner & Kinicki, 1998: 566). Die karaktereienskappe van die organisasiestruktuur van 'n oop model organisasie is dan soos volg (Coetsee, MCT813CD1, 1999):

- (1) Die koördinerings pogings deur individue, groepe en spanne binne organisatoriese komponente;
- (2) 'n Gemeenskaplike doelwit wat aanwesig is;
- (3) Verdeling van arbeid in fakulteite wat voorkom en
- (4) 'n Hiërargie van bestuur wat geskep word.

Met voormelde as agtergrond, kan daar dan aanvaar word dat die oop model van organisering as 'n geskikte vorm van organisering vir 'n universiteit of teknikon beskou kan word en word daar vervolgens na die praktiese skepping van organisasiestrukture binne hierdie oop-model gekyk. Dit sal as teoretiese raamwerk dien wanneer die strukturerings van die universiteit by Lofdal Bedienings, in hoofstuk 5, bespreek word.

4.4 GRONDSLAE BY DIE SKEPPING VAN ORGANISATORIESE STRUKTURE

Organisering het, soos uit voormelde afgelei kan word, in wese te doen met die daarstelling van organisatoriese strukture vir instellings, soos universiteite. Die skepping of daarstelling van organisatoriese strukture hou verband met die formele aspekte van organisering. Soos bespreek is in hoofstuk 2, word organisatoriese strukture geskep, ooreenkomstig wetgewing of ander riglyne soos deur die wetgewers neergelê. Sulke strukture word ook genoem formele organisatoriese strukture. Daarteenoor bestaan daar ook informele organisatoriese strukture in instellings, waarna as 'n nie-amptelike hiërargie verwys word. Dit is onder andere informele kommunikasiekanale tussen verskillende amptenare. Robbins (1980:284-285) beklemtoon die feit dat formele- en informele organisatoriese strukture nie losstaan van mekaar is nie en dat die informele organisatoriese strukture in ag geneem moet word by die nastreef van instellingsdoelwitte en formele organisatoriese strukture. (Vir hierdie skripsie is net die formele organisatoriese strukture belangrik want dit is nodig om sodanige strukture te skep by Lofdal Bedienings).

Na die implementering van die formele strukture, in die vorm van 'n instelling vir hoër onderwys soos 'n universiteit, sal die informele strukture ter sprake kom. Die doel van die skepping van 'n formele organisatoriese struktuur is om 'n hiërargiese sisteem deur werkverdeling daar te stel, wat die bevrediging van behoeftes van die gemeenskap moet bewerkstellig. Die betrokke organisasie moet 'n sekere doel of doelwitte daarstel wat doeltreffend en effektief bereik moet word. Hierdie doelwitte moet dus op die bevrediging van behoeftes ingestel wees (Van Wyk, 1989:48).

Die grondslae of fondament van organisering het dus met die volgende te doen (Van Wyk, 1989:48):

- (1) Daar moet pertinente doelwitte gestel word wat bereik moet word.
- (2) Verdeling van werksaamhede moet onderneem word om doelwitte na te streef.
- (3) Interne organisatoriese reëlins moet getref word. Dit beteken onder andere dat die spanwydte van leiding reg moet wees en dat eenheid van gesag bewaar moet word.

Indien voormelde grondslae van toepassing gemaak sou word op die stigting van 'n universiteit by Lofdal Bedieninge beteken dit dat so 'n nuwe universiteit 'n pertinente **doelwit moet nasteeff**, soos om kwaliteit onderrig te verskaf binne 'n Christelike milieu. So 'n terstigte universiteit sal **ook werksaamhede in verskillende afdelings moet indeel**, soos byvoorbeeld verskillende fakulteite. Daar sal ook definitiewe **interne reëlins getref moet word**.

Die vestiging van voormelde grondslae, te wete doelwitbepaling, verdeling van werk en die tref van interne reëlins, kan egter net plaasvind nadat regeringsbeleid ontleed, gemeenskapbehoefte geïdentifiseer en instellings gevind is om sodanige behoeftes te bevredig.

4.4.1 Ontleding van regeringsbeleid en die identifisering van gemeenskapsbehoeftes

Voordat dienslewering onderneem kan word moet daar 'n gemeenskapsbehoefte ontstaan en geïdentifiseer word. Sodra hierdie stadium van bewuswording bereik is, dring die gemeenskap gewoonlik daarop aan dat opgetree moet word om sodanige behoefte te bevredig. Soos in hoofstuk 2 bespreek lei sodanige behoeftes in die reël daartoe dat wetgewing neergelê word om uitvoering daaraan te gee (Botes, Fourie & Roux 1992:244).

Die promulgering van die Hoër Onderwyswet van 1997 (No 101 van 1997), saamgelees met die Konstitusie van 1996 (No 108 van 1996), lewer bewys daarvan dat daar wel 'n gemeenskapsbehoefte bestaan vir die skepping van private instellings vir hoër Christelike onderwys. Die aangeleentheid is so belangrik dat die hele hoofstuk 2 daaraan gewy is. Ten einde hierdie gemeenskapsbehoefte te bevredig het Lofdal Bedieninge besluit om die stigting van 'n private instelling (universiteit) vir hoër onderwys te vestig.

Met voormelde versekering dat die stigting van so 'n universiteit nodig is, sal die formele organisatoriese strukture geskep moet word, soos in Hoofstuk 5 bespreek gaan word. Dit vind plaas aan die hand van die bepaling van doelwitte en die daarstelling van 'n funksionele struktuur.

4.4.2 Bepaling van doelwitte

Sodra organisatoriese strukture geskep word om gemeenskapsbehoeftes te bevredig, is dit belangrik om by die bepaling van instellingsdoelwitte binne 'n missiestelling, te begin. Na ontleding van die wette sal dit waarskynlik ook die vertrekpunt wees vir die stigting van die universiteit by Lofdal Bedieninge. Volgens Van Wyk (1989:52-53), is die redes vir hierdie doelwitte die volgende:

- (1) Doelwitte verteenwoordig die redes waarom 'n bepaalde instelling bestaan. As sodanig word die missie van die instelling gespesifiseer. Doelwitte help daarom om 'n instelling 'n identiteit te gee.
- (2) Doelwitte verseker dat die instelling op 'n bepaalde wyse funksioneer, waarop werknemers bepaalde opdragte moet uitvoer.
- (3) Doelwitte dra by tot 'n samehorigheidsgevoel onder die lede van die instelling, wat tot belynde verbondenheid lei.
- (4) Doelwitte kan as riglyn dien om instellings se doeltreffendheid en effektiwiteit te meet.

Benewens die feit dat die bepaling van doelwitte 'n belangrike fase van organisering is, het dit ook 'n bepaalde interne funksie om in die instelling te vervul. Van Wyk (1989:54) wys verder daarop dat daar binne die instelling meer as een doelwit is wat nagestreef word. Benewens die oorhoofse doelwit is daar ook subdoelwitte wat in elke organisatoriese eenheid binne 'n instelling nagestreef word. 'n Universiteit sal byvoorbeeld 'n oorhoofse doelwit hê, terwyl elke fakulteit 'n eie doelwit sal hê.

Nadat doelwitte vir die instelling bepaal is, is die volgende stap om 'n funksionele verdeling van werksaamhede uit te voer ten einde die vereiste organisatoriese struktuur te skep.

4.4.3 Daarstelling van funksionele strukture

Nadat die behoefte van die gemeenskap bepaal is en dit konstitusioneel en wetlik verhaalbaar is en in doelwitte omskep is, kan oorgegaan word tot die opstel van 'n formele struktuur deur die doelwitte en funksies van die verskillende afdelings te bepaal. Die funksionele struktuur maak die raamwerk van die organisasie uit en sonder hierdie raamwerk kan geen sinvolle organisasiestruktuur opgestel word nie. By die skepping van formele strukture onderskei Botes, Fourie & Roux (1992:243-244) tussen drie hoofkategorieë:

4.4.3.1 Die funksionele struktuur

In enige organiseringsproses word daar eers 'n funksionele struktuur opgestel om die doelwitte en funksies van die verskillende takke, afdelings, seksies en subseksies te bepaal. Die funksionele struktuur maak die skelet van die organisasie uit waarsonder geen sinvolle struktuur opgestel kan word nie. By die bepaling van die funksionele struktuur word die volgende stappe gevolg (Botes, Fourie & Roux, 1992:243):

- (1) Identifisering van werklike behoeftes om die bestaansreg van 'n struktuur te regverdig.
- (2) Die bepaling en definiëring van die doel wat die struktuur moet nastreef.
- (3) Die bepaling van die primêre funksie wat uit die hoofdoel voortvloei.
- (4) Die bepaling en definiëring van doelwitte wat uit die primêre funksies voortvloei.

4.4.3.2 Die organisasiestruktuur

Die opstel van die organisasiestruktuur vloei logies uit die funksionele struktuur voort en word die universiteit in fakulteite en skole ingedeel. Daar word gesoek na sinvolle balans en die logiese verloop van aktiwiteite. Uit die organisatoriese struktuur moet reeds bepaal word watter eenhede uiteindelik direktorate, fakulteite en subseksies sal uitmaak (Botes, Fourie & Roux, 1992:244).

Die organisasiestruktuur word verkry deur die toepassing van die beginsels van werksverdeling.

4.4.4 Werksverdeling

Sodra daar na die verdeling van werk verwys word beteken dit dat eensoortige werk in een organisatoriese komponent, soos byvoorbeeld 'n spesifieke afdeling of seksie,

saamgevoeg word. Werkverdeling kan daarom gedefinieer word as groepverwante take wat uitgevoer word ten einde bepaalde doelwitte te kan bereik (Van Wyk, 1989:55). Sodra 'n instelling geskep word, is dit belangrik dat die wyse waarop werk verdeel word, beklemtoon word. Die rede hiervoor is dat doelwitte wat gestel is, op hul eie niks beteken nie omdat daar eers werk verrig moet word alvorens sodanige doelwitte bereik kan word (Van Wyk, 1989:55).

Die kenmerke van werksverdeling is onder andere die volgende:

- (1) Werksaamhede binne departemente verskil en sodanige verskillende werksaamhede word deur middel van werksverdeling saamgegroepeer.
- (2) Die samevoeging van werksaamhede beteken dat daar werkspesialisterreine binne instellings ontstaan.
- (3) Werkspesialisasie gee daartoe aanleiding dat kundiges vir die lewering van bepaalde take aangestel kan word (Van Wyk, 1989 : 55).

Werksverdeling, wat tot werkspesialisasie aanleiding gee beteken dat werk op verskeie wyses gegroepeer kan word, wat aanleiding gee tot die skepping van departemente, afdelings of seksies. Binne die departemente, afdelings en seksies word werk verder verdeel totdat dit deur individue behartig kan word (Van Wyk, 1989:56).

4.4.4.1 Grondslae van werksverdeling

Die grondslae vir werksverdeling kan volgens verskillende kategorieë ingedeel word, te wete:

- (1) Werksverdeling volgens gemeenskaplikheid van funksie wat verwys na die funksionele groepering van aktiwiteite. Dit beteken dat dieselfde aktiwiteite in een

afdeling saamgegroepeer word byvoorbeeld, regsake in die Regsfakulteit en onderwys sake in die Fakulteit Opvoedkunde.

- (2) Werksverdeling volgens die geografiese gebied waarin dienste gelewer word, byvoorbeeld 'n Universiteit vir die Noordwesprovinsie.
- (3) Verdeling volgens die aard van die produk of diens wat gelewer word, byvoorbeeld 'n universiteit of kollege vir 'n spesifieke kerk of denominasie.
- (4) Werksverdeling volgens kliënt of bevolkingsgroep aan wie die diens gelewer word, byvoorbeeld 'n Afrikaanse universiteit vir Afrikaanssprekendes (Van Wyk, 1989:56.).

Voormelde werksverdeling manifesteer in die organisasiestruktuur. 'n Tipiese organisatoriese struktuur kan soos volg daaruit sien:




Diagram 4.3 'n Voorbeeld van 'n organisatoriese struktuur Voorbeeld 1 (Smit en Cronje, 1997:289).




Diagram 4.4 Voorbeeld 2 van 'n organisatoriese struktuur (Smit en Cronje, 1992:289).

'n Dekaan staan in beheer van 'n spesifieke fakulteit, wat weer verskillende departementshoofde (vlak A) het wat direk aan die dekaan moet rapporteer. Vlak B is 'n sub-vlak met assistente in elk van die verskillende afdelings, wat weer op hulle beurt direk aan die departementshoof moet rapporteer (Smit & Cronje, 1997:289). Voormelde diagram is 'n tipiese voorbeeld van 'n organisasiekaart of -diagram en word daar in hoofstuk 5 so 'n kaart vir die universiteit by Lofdal Bedieninge ontwikkel. Dit word onderneem aan die hand van soortgelyke kaarte van universiteite in die VSA. 'n Organisaiekaart is 'n grafiese voorstelling wat die lyn van formele gesag en verdeling van werk voorstel. In so 'n kaart word daar hoofsaaklik vier basiese dimensies van 'n organisatoriese struktuur uitgebeeld (Scott, 1987:76-78).




Diagram 4.5 Vier dimensies in 'n organisatoriese kaart uitgebeeld (Kreitner & Kinicki, 1998 : 261).

Die bepaling van interne organisatoriese reëlins vorm 'n integrale deel van die organiseringsproses. Henry (1980:81-86) wys verder daarop dat verskillende informele fases geïdentifiseer kan word by die ontwikkeling van 'n hiërargiese struktuur te wete:

- (1) Wedersydse aanvaarding tussen die lede waar inligting, rigting en visie gedeel word en strategiese beplannings gedoen word (missie) oor hoe neergelegde doelwitte bereik gaan word.
- (2) Kommunikasie en besluitneming: Namate kohesie tussen die lede ontwikkel begin hulle om oor die bereiking van doelwitte, funksies van departemente en afdelings te debatteer om 'n gemeenskaplike rigting te verseker.
- (3) Motivering en produktiwiteit: Persoonlike belange word nou deel van die groep se belange. Samewerking, eerder as kompetisie speel hier 'n belangrike rol.
- (4) Kontrole en organisering: Verskillende take word aan verskillende persone toegesê, wat deur middel van geskeduleerde vergaderings gedelegeer word. Dit is belangrik dat daar reeds vasgelegde norme en waardes in die organisasie as 'n geheel ontwikkel het waarvolgens die lede funksioneer.

Voormelde wys daarop dat informele handelinge nie los kan staan van formele struktuurskepping nie.

As die organisasiestruktuur eers daargestel is, kan daar oorgegaan word om die interne organisatoriese reëlins te tref. Hierdie reëlins is 'n integrale deel van organisering en word daarom volledigheidshalwe bespreek, alhoewel dit nie ten volle van toepassing is op hierdie skripsie nie.

4.4.5 Bepalings van interne organisatoriese beginsels

Die werksaamhede wat aan elke instelling toegewy word en wat volgens funksies, produk of diens, geografiese areas, asook kliënte en bevolkingsgroep gerangskik is, kom, soos reeds genoem, nie slegs op een vlak voor nie maar op verskeie vertikale

vlakke waar werk ingedeel en verrig word. Die vlakke, wat as die skalêre grondslag van organisering bekend staan, kom daarop neer dat gesag in 'n vertikale lyn vanaf bo na onder in die formele organisatoriese struktuur vloei (Van Wyk, 1989:63).

Sodra organisatoriese eenhede met bepaalde bevoegdhede beklee word ontstaan die situasie dat hiërargiese strukture geskep word. Sodanige strukture word vertikaal en horisontaal geskep en gee aanleiding tot die daarstelling van departemente en afdelings. Die gevolg van genoemde horisontale en vertikale strukture wat geskep word verwys na die interne organisatoriese reëlins van die instelling en hou verband met verskynsels soos bestuur, spanwydte van beheer en eenheid van gesag wat visueel weergegee kan word in 'n organisatoriese kaart (Kreitner & Kinicki, 1998:562).

4.4.5.1 Hiërargie van gesag

In enige instelling (diagram 4.4) is daar 'n definitiewe lyn van bestuur, wat van onder na bo gerapporteer moet word oor hoe take verrig moet word. Die dekaan op sy beurt doen verslag aan die raad van direkteure of 'n uitvoerende komitee (dit wissel van instelling tot instelling). 'n Lynbestuurder, soos 'n dekaan, word gedefinieer as enige iemand aan wie werknemers moet rapporteer. (Kreitner & Kinicki, 1998:562).

Voordele verbonde aan 'n bestuurslyn is die volgende:

- (1) Besluitneming word op die regte plekke geneem.
- (2) 'n Duidelike aanduiding bestaan van wie aanspreeklik en verantwoordelik is vir take wat verrig moet word.
- (3) Effektiewe aanwending van gespesialiseerde mannekrag word verseker.
- (4) Dit verbeter publieke diens word vberkry.
- (5) Verminder konflik kom voor.
- (6) Gesonde verhoudings tussen bestuurders word veseker.
- (7) Geenskaplike doelwitte word beter nagestreef (The Afrox Operational Strategy, 187KHGAB.hks).

4.4.5.2 Spanwydte van beheer

Organisering is die proses waardeur en waarvolgens 'n arbeidsveld in hanteerbare werkterreine verdeel word. Om sorg te dra dat werksaamhede op gekoördineerde wyse plaasvind, is dit noodsaaklik om toesighouers oor ondergeskiktes aan te stel. Deur verdere toesighouers oor toesighouers aan te stel, word 'n organisatoriese hiërargie geskep (Botes, Fourie & Roux, 1992 : 245).

Kreitner & Kinicki (1998:562) definieer spanwydte van beheer as die aantal mense wat direk aan die bestuurder rapporteer. Hoewel konsensus nog nie bereik is oor die mees geskikte wydte van beheer nie, word dit aanvaar dat hoe nouer die spanwydte van beheer is, hoe hoër is die administratiewe koste en kontrole as gevolg van die hoër bestuurder werker verhouding.

4.4.5.3 Lyn- en stafeenhede

Die organisatoriese kaart soos in diagram 4.3 en 4.4 uiteengesit maak ook 'n onderskeid tussen lyn en stafeenhede. Lynbestuurders soos die dekaan, visie-rektor en departementshoofde, beklee die posisie van besluitneming in die hiërargiese struktuur van gesag. Lynposisies word deur 'n soliede lyn verbind in die organisatoriese kaart, terwyl gebroke lyne personeelverhoudings voorstel. Stafeenhede doen hoofsaaklik agtergrondstudie en voorsien die lynbestuurder van tegniese advies en maak aanbevelings. (Kreitner & Kinicki, 1998:563).

4.4.5.4 Eenheid van bevel

Die bewaring van eenheid van gesag of bevel is 'n organisatoriese reëling wat beteken dat een persoon verantwoording doen aan slegs een ander persoon. Tensy eenheid van gesag bewaar word, sal ondergeskiktes in die situasie verkeer dat hul

teenstrydige opdragte van meer as een toesighouer kan ontvang. Dit veroorsaak verwarring, ontwrigting, onsekerheid, en kan daartoe lei dat verantwoordelikhede ontduik word. Indien die ondergeskikte verward begin raak, sal hy ook een baas teenoor die ander afspeel wat verhoudings kan belemmer (Botes, Fourie & Roux, 1992:246).

Die verbreking van die eenheid van gesag kan op twee wyses uitgeskakel word, te wete:

- (1) Die lyn van gesag moet duidelik in pligstate van werkers aangetoon word, met ander woorde, elke werker moet deur middel van sy pligstaat kan bepaal wie sy toesighouer is.
- (2) Leidinggewende funksionaris se moet gesagslyne bekend stel nadat dit bepaal is, sodat werkers amptelik kan weet aan wie hulle moet rapporteer (Van Wyk, 1989:67).

Wanneer 'n organisatoriese struktuur vir 'n universiteit of kollege bepaal word, moet hierdie interne organisatoriese reëlins deeglik in ag geneem word ten einde 'n teoretiese korrekte struktuur daar te stel.

Met die bespreking van die teorie van organisering as onderbou, sal daar in die volgende hoofstuk oorgegaan word om die organisatoriese reëling vir die terstigte Christelike universiteit by Lofdal Bedieninge, te ontwikkel. Daar sal na die **doelwit** (missie) van die universiteit gekyk word, sowel as **die daarstelling van organisatoriese strukture**. Interne organisatoriese reëlins sal in die proses deurlopend in ag geneem word, maar word vanweë die omvang daarvan nie in hierdie skripsie bespreek nie.

4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan organisatoriese beginsels. Hierdie beginsels sal as onderbou dien vir die strukturering van die privaatuniversiteit by Lofdal

Bedieninge. Organisering is die skepping van instellings en hou verband met die daarstelling van formele organisatoriese strukture. Informele aspekte van organisering oefen ook 'n invloed uit sodra formele organisatoriese strukture geskep is, maar daar is nie op hierdie aspek van organisering ingegaan nie omdat dit buite die bestek van hierdie studie val.

By die skepping van 'n privaat universiteit, soos by Lofdal Bedieninge moet daar eerstens na die wetlike aspekte gekyk word wat so 'n instelling bemagtig en wettig maak. Dit beteken dat instellings so gestruktureer word dat die doel van die wetgewers en die informele doelwitte van werkers, binne bestaande wetgewing sal val. Dit is daarom belangrik dat die statutêre bestaansrede vir die instelling eers bepaal word om te verseker dat werkzaamhede in so 'n instelling doelgerig uitgevoer word. Eers as die doelwitte bepaal is kan daar tot die volgende stap oorgegaan word, te wete, werksverdeling van die verskillende betrokke persone.

Daar is ook melding gemaak van die voortdurende veranderinge in die samelewing, te wete, ekonomiese verandering, politieke strominge en kulture ontwikkelinge. Saam met die veranderde omgewing en die kompleksiteit van die skepping van 'n universiteit sal so 'n instelling as 'n oop model of sisteem moet funksioneer. 'n Hiërargiese struktuur van gesag moet ook geskep word om met die skepping van so 'n instelling te begin. Voormelde situasies gee daartoe aanleiding dat die organisering van 'n instelling, soos 'n universiteit, 'n ingewikkelde proses is.

Daar is ook stilgestaan by die organiseringsproses, wat as basis sal dien vir die strukturering van die universiteit by Lofdal Bedieninge. Aandag is veral aan doelwitbepaling en struktuurskepping bestee en die interne organisatoriese reëlins is ook ontleed.

HOOFSTUK 5

DAARSTELLING VAN 'N ORGANISASIESTRUKTUUR VIR 'N UNIVERSITEIT BY LOFDAL BEDIENINGE

5.1 INLEIDING

Uit die voorafgaande studie kan afgelei word dat privaat instansies wat as 'n hoër onderwysinstansie by die Departement van Onderwys geregistreer moet wees, finansiële lewensvatbaar moet wees en dat so 'n instansie terselfdertyd hoë gehalte programme moet aanbied. 'n Privaat kerklike instelling soos Lofdal Bedieninge, sal dus moet sorg dra dat die universiteit wat dit wil stig, eerstens aan al die vereistes sal moet voldoen om as 'n privaatinstelling te kan registreer en tweedens sal die onderrigprogramme wat die universiteit wil aanbied, kwaliteit programme moet wees.

Ten einde die universiteit by Lofdal Bedieninge te kan registreer, en alvorens die programme wat by die universiteit aangebied gaan word finaal bepaal kan word, sal oor die skepping van 'n moontlike organisasie struktuur duidelikheid gekry moet word. Ten einde so 'n struktuur te kan bepaal sal die kennis wat tot dusver verwerf is benut word, terwyl die organisasie strukture van twee toonaangewende Christen universiteite in die Verenigde State van Amerika ontleed word om as riglyne te dien in die daarstelling van 'n moontlike Christen universiteit by Lofdal Bedieninge. Die twee Christen universiteite in die VSA, te wete Regent Universiteit in Virginia en die Oral Roberts Universiteit in Oklahoma het die tipe strukture wat as basis kan dien by die ontwikkeling van die universiteit by Lofdal Bedieninge en word gevolglik as gevallestudies gebruik. Sekere aspekte van die organisatoriese struktuur van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys sal ook in ag geneem

word wanneer die visie, missie en doelwitte van die universiteit by Lofdal Bedieninge ontwikkel word.

In hierdie hoofstuk sal net die skepping van 'n oorhoofse organisatoriese struktuur vir die universiteit by Lofdal Bedieninge daargestel word aangesien die daarstelling van verdere organisatoriese reëlins soos spanwydte van leiding 'n veel vollediger studie as 'n skripsie benodig om reg daaraan te kan laat geskied.

Die daarstelling van 'n oorhoofse organisatoriese struktuur vereis dat die stuktuur van die nuwe universiteit **eerstens** binne die organisatoriese struktuur van die nasionale onderwysstrukture verklaar word, waarna die visie, missie en doelwitte van die nuwe universiteit by Lofdal Bedieninge uitgeklaar moet word, want aan die hand daarvan sal, **tweedens**, die visie, missie en doelwitte van die universiteit neergelê kan word. **Derdens** sal die oorhoofse organisatoriese indeling van die nuwe universiteit bepaal word, wat daarop neerkom dat daar besluit sal moet word watter fakulteite voorlopig in die nuwe universiteit ontplooi sal word en watter fakulteite mettertyd ontwikkel sal kan word om die nuwe universiteit volle universitêrestatus te laat verkry. **Vierdens** sal die visie, missie en doelwitte van elk van die nuwe, terstigte fakulteite neergelê word.

Vanweë die feit dat hierdie skripsie beperkende aspekte het, soos lengte, is dit nie moontlik om in diepte op die aangeleentheid in te gaan nie en word slegs die strukture oorkoepelend bespreek. Aan die hand daarvan kan verdere navorsing oor die aangeleentheid egter onderneem word.

5.2 OORHOOFSE STRUKTUUR VAN DIE ONDERWYS - DEPARTEMENT

Alvorens daar na 'n privaat universiteitstruktuur by 'n onafhanklike instansie soos Lofdal Bedieninge gekyk word, moet daar eers na die breë struktuur van die

South-African Qualification Authority Act, 1995 (No 58 van 1995) (SAQA) van die Nasionale Onderwysdepartement gekyk word as eerste fase vir die skepping van 'n struktuur vir 'n privaattuniversiteit, waarna die missie, visie en doelwitte van voormelde universiteit bepaal kan word. Die terstigte universiteit by Lofdal Bedieninge sal binne hierdie raamwerk gestig moet word.




Diagram 5.1: Oorhoofse struktuur van die onderwysdepartement in Suid-Afrika

(Temlet, Direkteur van 'Customors Services, School of Tomorrow', Augustus 1999).

(Afkortings is verklar in hoofstuk 1 onder woordverklarings)

Volgens die South African Qualifications Authority Act, 1995 (No 58 van 1995) (SAQA), dien SAQA as oorhoofse toesighouer oor die funksies van die National

Qualification Framework (NQF) en formuleer beleid en kriteria vir die registrasie van liggame wat opvoedkundige inrigtings daar wil stel deur die National Standards Bodies (NSB). ETQA (Education and Training Quality Assurance) is verantwoordelik vir die toesighouding oor die bereiking van daargestelde kwalifikasies. Alle programme moet by die NQF geregistreer word deur die National Standards Bodies (NSB) en Standards Generating Bodies (SGB) (Department of Education, 2 July 1999:4). Die Departement Mannekrag het op hulle beurt, deur die Skills Development Act, 1998 (No 97 van 1998), die Sector Education and Training Authority (SETA) daargestel, met die doel om ontwikkelings instansies te stig wat nou skakel met SAQA. SETA kan krediete voorsien vir geregistreerde instellings wat kwalifikasies aanbied wat by NQF geregistreer is. SETA moet dus akkreditasie by SAQA verkry as 'n ETQA (Department of Education, 1999:6). Om voormelde struktuur te aktiveer, het die regering die Uitkoms Gebaseerde Onderwys (OBE) program ontwikkel.

'n Gedetailleerde bespreking van voormelde word nie onderneem nie, vanweë die omvang daarvan, maar dit sal in aanmerking geneem moet word wanneer die terstigte universiteit by Lofdal Bedieninge gestig word. Daar sal nou voortgegaan word om die daarstelling van die universiteit by Lofdal Bedieninge te struktureer, om die naam van die universiteit vas te stel, asook om die visie, missie en doelwitte van die universiteit by Lofdal Bedieninge te bepaal en om die organisatoriese struktuur neer te lê.

5.3 BENAMING VAN DIE CHRISTELIKE UNIVERSITEIT BY LOFDAL BEDIENINGE

Wanneer oor die struktuur van 'n universiteit gepraat word, handel dit gewoonlik oor die sogenaamde wese of uniekheid van 'n universiteit en sy tipiese funksie. Die naam van 'n universiteit beeld onder andere gewoonlik hierdie uniekheid uit. So kan die naam van die universiteit, byvoorbeeld die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike

Hoër Onderwys sy karakter uitbeeld. Die Christelike karakter van 'n universiteit kan twee betekenisse uitbeeld, te wete: die leerstellinge en die lewensbeskouinge (Koers, supplement 1,1998:8). Dit wil dus voorkom dat die benaming "Christelik" in die benaming van 'n universiteit die onteenseglike karakter (leer en lewe) van so 'n universiteit uitbeeld.

Dit is tog interessant om daarop te let dat verskillende universiteite wat Christelik gefundeerd is, nie die woord "Christelik" in hul naam gebruik nie, soos Oral Roberts Universiteit in Oklahoma, VSA, en Regent Universiteit in Virginia,VSA. Omdat die terstigte universiteit by Lofdal Bedieninge die onteenseglike Christelike karakter van Christelike leer en lewe wil uitspel, blyk dit dat die begrip 'Christelike' wel in die naam van die Universiteit moet voorkom (Persoonlike onderhoud, van Rensburg, Senior Pastoor van Lofdal Bedieninge, Januarie 1999). Die naam van die terstigte universiteit by Lofdal Bedieninge behoort gevolglik die 'Lofdal Christelike Universiteit' (LCU) te wees.

Om gestalte aan dié naam te gee moet die visie, missie en doelwitte van die universiteit daarby aangepas en as sodanig uitgespel word. Thompson & Strickland (1998:4) verklaar die begrip visie as die rigting waarheen 'n organisasie, soos 'n universiteit, op pad is. Dit bepaal veral die universiteit se langtermyn doelstellings. Missie daarenteen is hoe daar te werk gegaan sal word om daardie neergelegde doelwitte te bereik, met ander woorde die strategie wat aangewend gaan word om die verlangde objekte te bereik. Vanweë die beperkende ruimte word die visie, missie en doelwitte as eenheid gebruik in hierdie skripsie.

5.4 OORHOOFSE VISIE, MISSIE EN DOELWITTE VAN DIE LOFDAL CHRISTELIKE UNIVERSITEIT

Alvorens 'n visie, missie en doelwitte by die Lofdal Christelike Universiteit bepaal kan word, gaan daar eers kortliks na die organisatoriese strukture en verskillende visies,

missies en doelwitte van voormelde twee Amerikaanse universiteite en die PU vir CHO gekyk word, ten einde 'n visie, missie en doelwitte vir Lofdal Christelike Universiteit (LCU) daar te stel. Dit is nodig om na die organisatoriese struktuur ook te kyk, omdat die oorhoofse organisatoriese struktuur vir die universiteit by Lofdal ook bepaal moet word.

5.4.1 Ontleding van Regent Universiteit se organisatoriese struktuur

'n Breë ontleding van die struktuur van die universiteit gaan eerstens volledigheidshalwe gedoen word alvorens die visie, missie en doelwitte van die verskillende skole of fakulteite kortliks ontleed gaan word.




Diagram 5.2: Verskillende skole binne Regent Universiteit

Die Regent Universiteit bestaan uit agt skole waarvan, die visie, missie en doelwitte kortliks uiteengesit gaan word (Regent University, 1999), ten einde die visie, missie en doelwitte by Lofdal Christelike Universiteit te ontwikkel (sien diagram 5.6 op p.83).

5.4.1.1 Visie, missie en doelwitte van Regent Universiteit

Om kwaliteit opvoeding en onderrig daar te stel, het Regent Universiteit die volgende visie, missie en doelwitte wat nagestreef moet word (Regent University, 1999):

- (1) Om Christelike leierskap te ontwikkel waar studente kan glo dat die samelewing verander kan word deur die toepassing van die beginsels van waarheid, geregtigheid en liefde.
- (2) Om etiese waardes en professionele uitnemendheid na te streef.
- (3) Om hoogstaande programme aan te bied wat uitstaande leiers sal ontwikkel.
- (4) Om by die studente vaardigheid- en navorsingkonsepte te ontwikkel en vaardighede met Bybelse wêreldbeskouing te integreer.
- (5) Om 'n verskil in universiteitswese te maak deur 'n hoë akademiese standaard, morele karakter en hoë standaard van onderrig in die opvoedingsstelsel in te bring.

Die verskillende skole in Regent Universiteit het elk hul eie visie, missie en doelwitte, binne hierdie breë visie en missie van die Universiteit. Die skole se visie, missie en doelwitte word vervolgens kortliks bespreek.

5.4.1.2 Skool vir Bestuur

Die visie, missie en doelwitte van hierdie skool is:

Om voorbeeldige graduandi daar te stel, met Bybelse perspektiewe, om 'n leidende Christelike rol in dienslewering te speel deur aksie en optrede (Regent University, 1999).

5.4.1.3 Skool vir Opvoeding

Die visie, missie en doelwitte van hierdie skool is:

- (1) Om 'n toonaangewende leierskapontwikkelingsentrum vir die Christen-wêreld daar te stel.
- (2) Om ware leiers op te lei binne 'n etiese, morele en professionele raamwerk, gefundeer op Bybelse beginsels.
- (3) Om uitstaande leierskap te ontwikkel wat 'n impak in die opvoedkundige wêreld sal maak. Dit word vermag deur die beginsels van verantwoordelikhed- gesentreerde opvoedkunde toe te pas deur die handhawing van 'n duidelike waardes- en karaktersisteem in alle aspekte van die opvoedkunde (Regent University, 1999).

5.4.1.4 Skool vir Regeringstudies

Die visie, missie en doelwitte vir hierdie skool is:

- (1) Om die politieke erfenis van die VSA te herstel, te hernu, te versterk en in stand te hou.
- (2) Om leiers op te lei om politieke- en regeringsaangeleenthede te ondersoek uit 'n Christelike perspektief aangesien die oorlewing van vryheid en demokrasie afhang van die deelname van Christene in publieke belange (Regent University, 1999).

5.4.1.5 Skool vir Regte

Die visie, missie en doelwitte van hierdie skool is:

- (1) Om uitvoering te verleen aan die wil van die Skepper, die Almagtige God in die wetlike opvoedkundige taak van studente om die regsprofessie waardig te beoefen.

- (2) Om deur opvoeding en opleiding, studente tot uitnemende wetsgeleerdes te ontwikkel.
- (3) Om studente aan te moedig tot volwasse Christenskap wat die gawes van die Heilige Gees beoefen in hulle persoonlike en professionele lewe (Regent University, 1999).

5.4.1.6 Die Skool vir Kommunikasie en Kunste

Die visie, missie en doelwitte van die skool is:

- (1) Om mans en vroue voor te berei om dinamiese organisasies te bou wat die produktiwiteit van mense sal verhoog.
- (2) Om kennis en vaardighede oor te dra binne 'n Bybelse spektrum.
- (3) Om die studente aan te spoor om alles wat hulle doen met uitnemendheid, integriteit en innovasie te doen (Regent University, 1999).

5.4.1.7 Skool vir Berading

Die visie, missie en doelwitte van die skool is:

- (1) Om ander mense te help om 'n balans in 'n ongebalanseerde samelewing te help handhaaf.
- (2) Om leiers daar te stel wat families, die kerk en die gemeenskap kan dien met Bybelse gefundeerde waardes deur die toepassing van kliniese prosedures.
- (3) Om navorsing te doen oor die effektiwiteit van Christelike berading (Regent University, 1999).

5.4.1.8 Skool vir Leierskapstudies

Die visie, missie en doelwitte van die skool is:

- (1) Om 'n leidende rol te speel in die opleiding van Christenleiers.

- (2) Om leiers daar te stel wat opgelei is in ware leierskap binne 'n etiese, morele en professionele raamwerk wat Bybels gefundeerd is.

5.4.1.9 Skool vir Teologie

Die visie, missie en doelwitte van die skool is:

- (1) Om studente van alle denominasies en onafhanklike kerke te bedien.
- (2) Om studente in hulle eie bedieninge te bedien om sodoende meer effektief binne hulle invloedsfere te kan optree.
- (3) Om Bybelse en teologiese onderrig daar te stel wat gemik is op vernuwingsperspektiewe as toerusting vir die kerk en evangelisasie van die wêreld.
- (4) Om mans en vroue op te lei deur teoretiese kennis prakties te kan toepas.
- (5) Om Geestelike groei, gemeenskap met heiliges en Christelike aksies by studente aan te moedig.

Uit bovermelde kan daar samevattend bepaal word dat die visie, missie en doelwitte van die Universiteit is: 'Om onderrig op 'n Christelike basis te verskaf, met die doel om Christelike norme en standaarde in die gemeenskap te vestig deur die opleiding van leiers in die verskillende skole, deur hulle sodoende toe te rus om die Christelike visie te vervul deur van hoë standaard programme gebruik te maak.' Hoewel die woord Christelik nie in die naam van die Universiteit voorkom nie, heg die Uiversiteit hoë waarde aan Christelike waardes, binne en buite, die Universiteit.

5.4.2 Ontleding van Oral Roberts Universiteit se visie, missie en doelwitte

Voordat die visie, missie en doelwitte van die universiteit kortliks bespreek word, gaan daar ook eers na 'n breë organisatoriese struktuur van die univeriteit gekyk word, wat as model sal dien vir die Universiteit by Lofdal Bedieninge (kyk diagram 5.4 op p.76).




Diagram 5.3: Verskillende fakulteite binne Oral Roberts Universiteit (Oral Roberts University, 1998).

Die Oral Roberts Universiteit bestaan uit vyf fakulteite waarvan die fakulteit Verpleging as 'n afsonderlike fakulteit funksioneer wat deur die VSA, 'National Bond' vir Verpleging geakkrediteer is. Hierdie fakulteit staan as die Anna Vaughn School of Nursing bekend wat graad- en diplomakursusse aanbied (Oral Roberts University, 1998).

Daar sal vervolgens na die Universiteit se visie, missie en doelwitte gekyk word ten einde 'n visie, missie en doelwitte vir die beplande universiteit by Lofdal Bedieninge daar te stel wat Christelik gefundeer moet wees.

5.4.2.1 Visie, missie en doelwitte van die Oral Roberts Universiteit

Die visie, missie en doelwitte van die universiteit is:

- (1) Om die uitdaging te aanvaar om die wêreld deur Christelike opvoeding te verander;

- (2) Om al die areas van menswees te ontwikkel tot die uitbreiding van die Koninkryk van God te wete: op geestelike-, fisiese- en akademiese vlakke.
- (3) Om opvoeding vir die volgende generasie daar te stel deur 'n Christelike waardesisteem en Christelike karakter by studente te skep, ontwikkel, en vas te lê.
- (4) Om 'n kultuur van verbondenheid te skep deur middel van uitstaande programme waardeur sertifikate, diplomas of grade verwerf kan word gebaseer op Christelike beginsels met Jesus Christus as vertrekpunt.
- (5) Om 'n opvoedkundige stelsel daar te stel was beskikbaar en bekostigbaar vir alle mense is (Oral Roberts University, 1998).

Elk van die verskillende fakulteite het op hulle beurt neergelegde visies, missies en doelwitte wat verbonde aan die universiteit se visie, missie en doelwitte is. Dit is duidelik dat daar by al die fakulteite 'n belynde verbondenheid is wat die visie, missie en doelwitte van die Universiteit onderskryf. Hierdie belynde verbondenheid aan dieselfde visie, missie en doelwitte gee aan die universiteit sy Christelike identiteit en karakter.

Die verskillende fakulteite se visie, missie en doelwitte gaan vervolgens kortliks bespreek word.

5.4.2.2 Die fakulteit Kuns en Wetenskap

Die visie, missie en doelwitte van die fakulteit is (Oral Roberts University, 1998):

- (1) Om die student se roeping as 'n Christelike kunstenaar of kunsonderwyser te bekragtig.
- (2) Om die student se kreatiwiteit, kundigheid en vermoë om idees te ontwikkel te beskerm en te ontwikkel.
- (3) Om die nodige vaardighede by die studente te ontwikkel om hul regmatige plek in die samelewing in te neem.

5.4.2.3 Fakulteit Bestuur

Die visie, missie en doelwitte van die fakulteit is:

- (1) Om Bybelgefundeerde bedryfsopvoeding daar te stel wat die Christelike lewe beklemtoon.
- (2) Om studente toe te rus met kundige bestuurseienskappe wat entrepreneurs, staatsamptenare, raadgewers, administrateurs en onderwysers insluit.
- (3) Om opvoeding te verskaf wat die totale mens binne 'n Christelike raamwerk en Bybelse beginsels sal plaas (Oral Roberts University, 1998).

5.4.2.4 Die Fakulteit Opvoedkunde

Die visie, missie en doelwitte van die fakulteit is:

- (1) Om Christen onderwysers en administrateurs te ontwikkel wat hulle opvoedkundige visie en missie sal uitleef en wat die Groot Gebod sal vervul naamlik: "Gaan die hele wêreld in en maak dissipels van al die nasies" (Oral Roberts University, 1998).

5.4.2.5 Fakulteit Teologie

Die visie, missie en doelwitte van die fakulteit is (Oral Roberts University, 1998):

- (1) Om 'n oorfloedige lewe en die besef dat alle mense die vermoë het om 'n voorspoedige bestaan te kan maak, met God as hulle bron, te verkondig.
- (2) Om die ontwikkeling van die totale mens aan te moedig en leiers wat 'n verandering in die samelewing kan maak daar te stel ten einde die Christelike waardes en norme aan ander mense voor te hou ter uitbreiding van die Koninkryk van God.

- (3) Om die Christelike erfenis te behou en uit te bou deur neergelegde waardes wat te alle tye gehandhaaf moet moet.

Uit bovermelde kan daar dus bepaal word dat die samevattende visie, missie en doelwitte van die universiteit is: "Om die totale mens te ontwikkel met die doel om die wêreld deur Christelike opvoeding te verander deur die daarstelling van hoogstaande programme." Die universiteit heg besondere waarde aan die toepassing van Bybel-gefundeerde waardes.

5.4.3 Ontleding van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) se visie, missie en doelwitte

Die organisatoriese struktuur van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys word ook van nader bekyk om die visie, missie en doelwitte van 'n Suid-Afrikaanse Universiteit te ontleed. Alvorens dit onderneem word, word die struktuur van die Universiteit volledigheidshalwe aangetoon (kyk diagram 5.4 p. 76).




Diagram 5.4 Breë struktuur van die PU vir CHO (PU vir CHO, regulasies, 1999)

Volgens Van der Walt (1999:60-110) is die PU vir CHO 'n Christelike universiteit en is daarvan oortuig dat dit bestaansreg het en dat dit 'n besondere taak het in die nuwe Suid-Afrika. Die Universiteit stel dit dus duidelik in sy naam dat dit 'n sekere visie het ten opsigte van sy taak en wil daardeur sy karakter as Christelike instelling bely. In die missie wat die Universiteit vir homself gestel en geformuleer het om die visie te bereik, word die naam Christelike ook duidelik beklemtoon. Die Universiteit gaan van die standpunt uit dat sy onderrig, navorsing en diens aan die breë gemeenskap van 'n duidelike Bybelse perspektief uitgaan (Koers, supplement 1, 1998:88).

Volgens 'n ongedateerde dokument is die onderrigdoelstellings van die Universiteit:

- (1) Om bepaalde kennis, vaardighede, waardes, houdinge en gesindhede vir studente te leer.
- (2) Om feitekennis en veral ook kennis van strukture, prosedures, begrippe, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes by die student in te skerp.
- (3) Om kennis wetenskaplik te kan kommunikeer in verskillende media, waaronder die rekenaar een is.
- (4) Om vaardigheid by studente te ontwikkel om in 'n groep te kan funksioneer en 'n leiersrol te kan vervul in die gemeenskap.
- (5) Om kennis van, en respek vir die Universiteit se standpunt oor roepingsvervulling, diensbaarheid en wetenskapsbeoefening te kweek.
- (6) Om respek vir die medemens, die skepping en gesag te leer.
- (7) Om 'n lewenslange leeringesteldheid en 'n voortdurende bewustheid van die sosiale, ekonomiese, morele en godsdienstige probleme van die dag by die student te vestig.
- (8) Om op nagraadse vlak hierdie kennis, vaardighede, waardes en houdings verder te beoefen, maar met toenemende klem op dit wat met navorsing in verband staan.

Ook hier word die Christelike karakter van hierdie universiteit deeglik waargeneem, wat as voorbeeld vir die terstigte universiteit by Lofdal Bedieninge kan dien. Die visie, missie en doelwitte van hierdie universiteit se verskillende fakulteite word nie in hierdie skripsie ontleed nie en word op Lofdal Christelike Universiteit se struktuur op Regent Universiteit en Oral Roberts Universiteit gebaseer.

Daar sal nou oorgegaan word tot die skepping van 'n visie, missie en doelwitte by Lofdal Christelike Universiteit. Uit die navorsing wat gedoen is aan die drie genoemde universiteite, is dit duidelik dat die visie, missie en doelwitte van die universiteite om

'n gemeenskaplike behoefte gesentreer moet word. In die geval is die visie, missie en doelwitte Christelik gefundeer.

5.5 DAARSTELLING VAN DIE VISIE, MISSIE EN DOELWITTE VIR LOFDAL CHRISTELIKE UNIVERSITEIT

Indien die visie, missie en doelwitte van Regent Universiteit (par. 5.4.1.1), Oral Roberts Universiteit (par. 5.4.2.1) en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (par.5.4.3) ontleed en vergelyk word, word sekere gemeenskaplike sake waargeneem. Hierdie gemeenskaplike sake kan as die visie, missie en doelwitte vir Lofdal Christelike Universiteit dien.

Die visie, missie en doelwitte van Lofdal Christelike Universiteit kan soos volg daaruit sien:

- (1) Om die Koninkryk van God uit te bou ten einde gemeenskappe te dien en studente se geestelike, fisiese en akademiese lewens te verryk (doelstelling 2, Oral Roberts).
- (2) Om studente in die Christelike leerstellinge op te voed ten einde samelewings te verander deur die toepassing van beginsels soos waarheid, geregtigheid en liefde (doelstelling 1, Regent Universiteit).
- (3) Om kennis en respek vir die Christelike karakter van Lofdal Christelike Universiteit te leer, 'n visie vir roepingsvervulling, diensbaarheid en wetenskapsbeoefening by die studente te kweek (doelstelling 5, PU vir CHO).
- (4) Om 'n opvoedkundige stelsel daar te stel wat beskikbaar en bekostigbaar vir alle Christene is (doelstelling 5, Oral Roberts Universiteit).
- (5) Om die uitdaging te aanvaar om Suid-Afrika deur Christelike opvoeding te verander deur die ontwikkeling van kwaliteit Christelike leiers (doelstelling 1, Oral Roberts Universiteit).

Uit bovermelde kan daar dus bepaal word dat die visie, missie en doelwitte van die universiteit by Lofdal Bedieninge is: om 'n verandering in Suid-Afrika teweeg te bring deur kwaliteit leiers te ontwikkel met Bybelse waardes om hierdie leiers toe te rus tot diensbaarheid vir die werk van God deur middel van hoë gehalte programme daar te stel om sodoende die Koninkryk van God uit te bou.

Hierdie visie, missie en doelwitte wat vir Lofdal Christelike Universiteit kan dien, sal oorkoepelend geld vir die verskillende fakulteite of skole wat gevestig sal word in Lofdal Christelike Universiteit.

5.6 DAARSTELLING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR VIR LOFDAL CHRISTELIKE UNIVERSITEIT

By die ontleding van die drie universiteite se strukture het dit aan die lig gekom dat die universiteite ingedeel word in fakulteite of skole, elk met verskillende departemente. In al die fakulteite of skole word grade, (voorgaads of nagraads) aangebied.

Die eerste vraag wat beantwoord moet word, is om te besluit of die oorhoofse organisatoriese indeling by Lofdal Christelike Universiteit, fakulteite of skole genoem behoort te wees. Oral Roberts Universiteit en PU vir CHO maak van die benaming fakulteite gebruik, terwyl Regent Universiteit van skole praat. Die PU vir CHO deel fakulteite egter in skole in, wat die nuwe tendens by universiteite is. Om by hierdie tendens aan te pas is daar besluit op die benaming skole eerder as fakulteite vir Lofdal Christelike Universiteit te gebruik (Van Rensburg, Julie 1999).

'n Moontlike organisatoriese struktuur vir Lofdal Christelike Universiteit kan soos volg daaruit sien:

- (1) Skool vir Teologie
- (2) Skool vir Bestuurswese

(3) Skool vir Opvoeding

Hierdie skole val binne die velde soos geïdentifiseer deur SAQA (kyk par. 2.8.7).

Samespreking met die Kerkbestuur van Lofdal Bedieninge het laat blyk dat die volgende faktore die skepping van slegs drie skole regverdig (Van Rensburg, Julie 1999):

- (1) Die finansiële vermoë van Lofdal Bedieninge is 'n beperkende faktor en word voorsien dat daar finansiëel net met die drie skole begin kan word.
- (2) Markverwante vraelyste is gesirkuleer by Christen skole in die land, en die terugvoer wat ontvang is, het onteenseglik 'n behoefte aan veral bestuursopleiding en onderrig in die opvoedkunde getoon (November 1998).
- (3) Fasiliteite, soos geboue en lesinglokale, is reeds in plek om genoemde drie skole te vestig.
- (4) Doseerpersoneel vir die drie skole is vrylik beskikbaar in die vorm van kerklidmate wat in die rigtings (Teologie, Bestuur en Opvoedkunde) opgelei is.
- (5) Daar is by Lofdal Bedieninge reeds 'n Christenskool in bedryf sedert 1989, en die Skool vir Opvoeding is 'n logiese en gewenste voortsetting van die onderrigprogram op skoolvlak.

Elk van hierdie Skole se visie, missie en doelwitte word vervolgens bespreek.

5.6.1 Skool vir Teologie

Omdat Lofdal Bedieninge die oorkoepelende beskermheer vir die universiteit moet wees, is dit logies en noodsaaklik dat die Universiteit met die Skool van Teologie sal moet begin (diagram 5.6 op p.84). Al die universiteite wat ontleed is, het inderdaad 'n Teologiese fakulteit of skool wat die bestaansreg van die universiteite bevestig en versterk. Die visie, missie en doelwitte vir hierdie skool kan soos volg daaruit sien:

- (1) Om studente by te staan, te lei en te ontwikkel in hulle soeke na kennis van God, die mens en die heelal (Verwys na Oral Roberts Universiteit, par. 5.4.2.5).
- (2) Om studente toe te rus met kennis van die Bybel en ons Christelike erfenis en om hulle te leer dat die kennis rigtinggewend is en hulle sal lei in al die areas van die lewe (Verwys na Oral Roberts Universiteit, par. 5.4.2.5).
- (3) Om Bybelse en teologiese onderrig daar te stel wat gemik is op vernuwingsperspektiewe as toerusting vir studente en die evangelisasie van die wêreld (Verwys na Regent Universiteit, par. 5.4.1.9).
- (4) Om Christelike leiers te ontwikkel wat 'n verandering in die samelewing kan maak deur Christelike waardes en norme te handhaaf en toe te pas (Verwys na Oral Roberts Universiteit, par. 5.4.2.5).

Die verdere afbreek van die visie, missie en doelwitte word nie verder onderneem nie aangesien net 'n oorhoofse raamwerk vir Lofdal Christelike Universiteit in hierdie skripsie van toepassing is.

5.6.2 Skool vir Bestuurswese

Al drie die universiteite het 'n Bestuurskool of -fakulteit. Omdat ekonomiese en bestuurswetenskappe as groeipunt in die nuwe Suid-Afrika beskou word (GCIS dokument, 1999) is dit nodig dat die tweede Skool wat gestig behoort te word, 'n Skool vir Bestuurswetenskappe moet wees. Die visie, missie en doelwitte van die Skool kan soos volg daaruit sien:

- (1) Om mans en vroue voor te berei om dinamiese organisasies te bou wat die produktiwiteit van mense sal verhoog (Verwys na Regent Universiteit, par. 5.4.1.6).

- (2) Om kennis en vaardighede by studente te ontwikkel om diensbaarheid en morele integriteit in die bedryfsbestuur te ontwikkel (Verwys na Regent Universiteit, par. 5.4.1.6).
- (3) Om opvoeding daar te stel wat die totale mens binne Bybelse beginsels toerus waar administrateurs, staatsamptenare, entrepreneurs en onderwysers as leiers 'n verandering kan bewerkstelling in die gemeenskap (Verwys na Oral Roberts Universiteit, par. 5.4.2.3).

Die verdere afbreek van die visie, missie en doelwitte vir hierdie skool word nie ontleed nie aangesien slegs die oorhoofse raamwerk vir Lofdal Christelike Universiteit vir die skripsie van toespasing is.

5.6.3 Die Skool vir Opvoedkunde

Volgens die daargestelde strukture van die drie universiteite maak opvoeding 'n kern-deel uit van die organisasie (diagramme 5.2, 5.3, 5.4). Volgens die organisatoriese struktuur van Lofdal Bedieninge (diagram 5.4) is opvoeding 'n deel van die instelling. Onderrig by Lofdal Bedieninge begin reeds op voorskoolse vlak tot graad 12. Die Skool vir Opvoedkunde is, soos gemeld, 'n logiese deurvloei van die opvoedingstaak by Lofdal Bedieninge. Die visie, missie en doewitte vir hierdie Skool kan soos volg daar uitsien:

- (1) Om lewenslange leeringesteldheid by studente te vestig (verwys na PU vir CHO, par. 5.4.7).
- (2) Om Christen onderwysers te ontwikkel wat onderwys as 'n roeping beskou en waar hulle visie, missie en doelwitte uitgeleef kan word (Verwys na Oral Roberts Universiteit, par. 5.4.2.4).
- (3) Om uitstaande leierskap te ontwikkel binne 'n etiese, morele en professionele raamwerk wat Bybels gefundeerd is (Verwys na Regent Universiteit, par. 5.4.1.3).

Die organisatoriese struktuur vir die Universiteit by Lofdal Bedieninge, kan diagramaties soos volg daaruit sien:




Diagram 5.5 Organisatoriese struktuur van Lofdal Bedieninge




Diagram 5.6 Organisatoriese struktuur vir Lofdal Christelike Universiteit (soos afgelei van Regent, Oral Roberts en PU vir CHO, kyk diagramme 5.2, 5.3 en 5.4).

Voorts gaan daar kortliks gekyk word na die funksies van 'n administratiewe komponent, want dit vorm die hoeksteen van die bedryf van 'n universiteit. Dit sal ook

die hoeksteen vir die ontwikkeling van 'n Christelike universiteit by Lofdal Bedieninge moet lê.

5.7 BESPREKING VAN DIE ADMINISTRATIEWE STRUKTUUR VAN LOFDAL CHRISTELIKE UNIVERSITEIT

Geen universiteit kan gestig of begin word sonder dat die administratiewe komponente eers gevestig is nie. Daar behoort dus ook by Lofdal Christelike Universiteit met 'n administratiewe komponent begin te word. Volledigheidshalwe word daar slegs in die breë na die hiërargiese uiteensetting gekyk. Die volgende funksies blyk noodsaaklik te wees om die Lofdal Christelike Universiteit te vestig ten einde ondersteuning aan die akademie te verleen:




Diagram 5.7 Administratiewe komponent by die Lofdal Christelike Universiteit

Die volgende administratiewe funksies is onder andere belangrik:

1. Bemarking van kursusse.
2. Registrasie van studente.
3. Studente akkommodasie.

4. Ontvangs van gelde.
5. Bestel van kursusmateriale.
6. Reël van lokale vir studente.
7. Skep van rekenaarfasiliteite.
8. Hantering van alle administratiewe probleme van studente.
9. Reël van beurse.
10. Gradeplegtighede.
11. Opstel en uitreik van jaarboeke.
12. Studente adviesdiens.
13. Toepas van universiteitsreëls en regulasies van alle betrokke instansies.

Met die bespreking as agtergrond, het Lofdal Bedieninge nou 'n bloudruk van die organisatoriese struktuur en veral die visie, missie en doelwitte wat nagestreef sal moet word om so 'n universiteit te vestig. Verdere verfyning van die struktuur kan as volgende fase beskou word, maar dit val buite die bestek van hierdie skripsie

5.8 SAMEVATTING

Konstitusionele hervorming in Suid-Afrika sedert 1994 het onafhanklike instansies soos kerke, instaatgestel om privaat hoër onderwysinstellings te stig (soos bespreek in hoofstuk 2). Genoemde veranderings maak dit dus vir Lofdal Bedieninge moontlik om 'n universiteit te stig. In hierdie hoofstuk is daar dus gepoog om 'n organisatoriese struktuur vir Lofdal Bedieninge, binne die Nasionale Onderwys Departement se strukture daar te stel. Fowler, van Brummelen en van Dyk (1990:121) wys daarop dat die staat die standarde stel waaronder enige hoër onderwys instansie moet funksioneer. Vanweë die omvang daarvan, is slegs die oorhoofse struktuur van die onderwys departement ontleed.

Met die ontleding van twee universiteite in die Verenigde State van Amerika, te wete Regent Universiteit en die Oral Roberts Universiteit, en die PU vir CHO in Suid-Afrika,

se strukture, visie, missie en doelwitte, kon die terstigte universiteit by Lofdal Bedieninge se struktuur, visie, missie en doelwitte bepaal word. In hoofstuk 2 is daar bevind dat enige instansie 'n doel het om te verwesenlik (sien par. 2.4.2 p.10), en in die geval van Lofdal Christelike Universiteit geld dieselfde beginsel. Met die bepaling van die visie, missie en doelwitte van die Universiteit, word daar aan die beginsel voldoen (om die gemeenskap te dien), te wete die daarstelling van 'n privaat Christelike Universiteit wat hom ten doel stel vir die opvoeding van die totale student, om sodoende 'n verandering in die samelewing te kan bewerkstellig.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk sal die inligting wat met die studie verwerf is georden word om op 'n sinvolle wyse die hipotese wat in hoofstuk een gestel is, as waar te bewys naamlik, dat dit moontlik is om binne die huidige regeringsbeleid 'n instelling vir hoër onderwys te ontwikkel en te struktureer wat aan die vereistes van 'n spesifieke kerkdenominasie sal kan voldoen.

Soos in die Inleidende hoofstuk gestel, is die oogmerke met hierdie studie hoofsaaklik om die lewensvatbaarheid van die daarstelling van 'n onafhanklike Christelike universiteit, gebaseer op 'n spesifieke kerklike denominasie binne die bepalings van die nuwe Konstitusie van Suid-Afrika, No 108 van 1996, te vestig (No 108 van 1996). Die lewensvatbaarheid van die terstigte Christelike universiteit by Lofdal Bedieninge het moontlik geword met die transformasieproses van die ANC-regering wat alle vlakke van die samelewing sedert 1994 geraak het. Volgens die beginsels op basiese menseregte (Konstitusie van Suid-Afrika, 1996 (No 108 van 1996, artikel 29(3)) het privaat instansies, soos kerke, die konstitusionele reg om privaat hoër onderwysinstellings, soos universiteite en kolleges te begin. Ten einde voormelde te verwesenlik is die owerheidsbeleid vir hoër onderwys in Suid-Afrika ontleed.

In hoofstuk 2 is klem op die owerheidsbeleid vir hoër onderwys in Suid-Afrika gelê as agtergrondstudie vir die ontleding van verskillende wetgewings rakende hoër onderwysinstellings. Klem is gelê op wat owerheidsbeleid is en wat die beleidbepalingsproses behels. Politieke verandering sedert 1994 het 'n nuwe politieke dispensasie in Suid-Afrika teweeggebring. Om uiting aan die regering-van-die-dag

(ANC) se visie, missie en doelwitte te gee, is nuwe wetgewing ter tafel gebring. Die ANC-beleid ten opsigte van hoër onderwys is vervolgens ondersoek met spesifieke verwysing na die volgende wetgewing:

- (1) Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (No 108 van 1996).
- (2) Die Hoër Onderwyswet, 1997 (No 101 van 1997).
- (3) Die Suid-Afrikaanse Kwalifiserings Owerheidswet, 1995 (No 58 van 1995).

Uit die studie is daar bevind dat 'n privaatinstelling soos 'n kerk, vry is om enige programme aan te bied wat 'n kwalifikasie tot gevolg sal hê. Die vereiste is egter dat sodanige instelling by die regering geregistreer moet wees en wel volgens neergelegde voorwaardes en dat onderrigprogramme van hoë kwaliteit aangebied moet word.

Met die kennis dat onafhanklike instansies, soos kerke, privaat Christelike instellings soos universiteite mag begin, moes daar vasgestel word of sulke instellings 'n universiteit, kollege of teknikon kan begin. Vir die doel moes daar eers onderskei word tussen die verskillende hoër onderwysinstellings deur spesifiek te verwys na universiteite, kolleges en teknikons. Die wese en funksies van universiteite, kolleges en teknikons is vervolgens ondersoek waaruit verskille en ooreenkomstes van universiteite, kolleges en teknikons bepaal is. Alvorens daar oorgegaan kon word om 'n privaat Christelike universiteit by Lofdal Bedieninge daar te stel, moes daar ook eers na die verhouding tussen die staat en die privaatinstelling vir hoër onderwys by Lofdal Bedieninge gekyk word. Daar is vervolgens vasgestel dat die terstigte onderwysinstelling by Lofdal Bedieninge binne die nuwe owerheids-onderwysraamwerk sal moet funksioneer.

Die Hoër Onderwyswet, 1997 (No 101 van 1997) maak voorsiening vir die daarstelling van verskillende liggame wat ten doel het om die transformasie in die onderwys daar te stel en wat onderwys vir alle mense toeganklik gemaak het. Om

kwaliteit beheer toe te pas moet alle terstigte instelling by SAQA registreer en moet hulle kursusse by NQF geregistreer wees vir akkreditering. Hierdie roete sal ook deur Lofdal Bedieninge gevolg moet word.

Met die kennis kon daar oorgegaan word tot die skepping van organisatoriese strukture vir die daarstelling van 'n privaat Christelike universiteit by Lofdal Bedieninge. In hoofstuk 4 is daar gevolglik klem gelê op die oop model van organisering. Universiteite ressorteer onder oop modelle want die omgewing het bepalende invloede op die stelsel. Voortspruitend uit hierdie model kon die grondslae by die skepping van organisatoriese struktuur ontwikkel word. Die vestiging van grondslae, te wete, doelwitbepaling, verdeling van werk en die reël van interne reëlins, kan egter net plaasvind nadat regeringsbeleid ontleed is en gemeenskapsbehoefes geïdentifiseer is. Nadat doelwitte vir die instelling bepaal is, is die volgende stap om funksionele verdeling van werksaamhede uit te voer, ten einde die vereiste organisatoriese struktuur te skep.

Vir die doel is die organisasiestrukture van twee toonaangewende Christelike Universiteite in die VSA en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys ontleed om as riglyne te dien in die daarstelling van 'n moontlike Christelike universiteit by Lofdal Bedieninge. Oorhoofse visie, missies en doelwitte van die drie universiteite is ontleed waaruit die visies, missies en doelwitte van die terstigte universiteit by Lofdal Bedieninge ontwikkel is.

Teen die agtergrond is daar in hoofstuk 5 gepoog om 'n organisatoriese struktuur vir Lofdal Christelike Universiteit te skep waarna 'n visie en missiestelling vir die Universiteit neergelê is. Die visie, missie en doelwitte van die universiteit is soos volg neergelê:

- (1) Om die Koninkryk van God te help uitbou ten einde gemeenskappe te dien en studente se geestelike, fisiese en akademiese lewens te verryk.

- (2) Om studente in die Christelike leerstellings op te voed ten einde samelewings te verander deur die toepassing van beginsels soos waarheid, geregtigheid en liefde.
- (3) Om kennis en respek vir die Christelike karakter van Lofdal Christelike Universiteit se roepingsvervulling, diensbaarheid en wetenskapsbeoefening by die studente te kweek.
- (4) Om 'n opvoedkundige stelsel daar te stel wat beskikbaar en bekostigbaar vir alle Christene is.
- (5) Om die uitdaging te aanvaar om Suid-Afrika deur Christelike opvoeding te verander deur die ontwikkeling van kwaliteit Christelike leiers (sien par. 5.5 p.78).

Met hierdie visie, missie en doelwitte is die organisatoriese struktuur vir LCU soos volg neergelê, gebaseer op die strukture van Regent Universiteit en Oral Roberts Universiteit van die VSA.




Diagram 6.1 Organisatoriese struktuur vir Lofdal Christelike Universiteit (sien diagram 5.6 p. 83).

Soos afgelei kan word, word daar voorgestel, dat LCU met net drie Skole begin, wat later uitgebrei kan word. Die redes hiervoor is die volgende (sien par. 5.6 p. 79):

- (1) Die finansiële vermoë van Lofdal Bedieninge is 'n beperkende faktor.

- (2) Vraelyste is gesirkuleer by Christenskole in die land, en die terugvoer wat ontvang is, het onteenseglik 'n behoefte aan veral bestuursopleiding en onderrig in die opvoedkunde getoon.
- (3) Fasiliteite, soos geboue en lesinglokale, is reeds in plek om genoemde drie skole te kan vestig.
- (4) Doseerpersoneel vir die drie skole is vrylik beskikbaar in die vorm van kerkklidmate wat in die rigtings (Teologie, Bestuur en Opvoedkunde) opgelei is.
- (5) Daar is by Lofdal Bedieninge reeds 'n Christenskool in bedryf sedert 1989, en die Skool vir Opvoedkunde, is 'n logiese en gewenste voorsetting van die onderrigprogram op skoolvlak.

Die skepping van suksesvolle onafhanklike instellings, soos universiteite, word al belangriker in die nuwe Suid-Afrika, veral met die transformasieproses waarmee die ANC in 1994 begin het. Die studie van die skripsie kan gevolglik as 'n eerste fase beskou word, waar daar bewys gelewer is dat die Konstitusie en ander relevante wetgewing van 1996 wel voorsiening maak vir privaatinstansies om hoër onderwys instellings te mag begin.

BRONNELYS

1. AFROX. 1998. Outcome-based learning. Afrox rev.o-date of issue: July 1998.
2. AFROX AGENDA. 1999. How things work in Afrox & how we would wish they work. 187KHGAB.hks.
3. BOTES, P.S., FOURIE, D.J. & ROUX, N.L. 1992. Publieke Administrasie en Bestuur. Pretoria: HAUM. 418 p.
4. CLOETE, J.J.N. 1993. Publieke Administrasie en Betsuur. Kaapstad: Creda-Pers. 271 p.
5. COETSEE, L.D., 1999. Organisational Behaviour MCT813CD1 part 1&2. Potchefstroom [CD-ROM]: PU vir CHO.
6. COETSEE, L.D. 1996. Die skepping van 'n motiverings klimaat: 'n praktiese gids vir die Suid-Afrikaanse bestuurder. Potchefstroom : PU vir CHO. 153 p.
7. DEPARTEMENT MANNEKRAG **kyk** SUID-AFRIKA. Departement mannekrag.
8. DEPARTEMENT VAN ONDERWYS **kyk** SUID-AFRIKA. Department of education.
9. DOWLING, D. 1999. The policy of equity and redress. *Bulliten*, vol.5(2): March.
10. FOWLER, S., VAN BRUMMELEN, H.W, & VAN DYK, J. 1990. Christian schooling: Education for freedom. Potchefstroom: Potchefstroom University for Higher Education. 198 p.
11. FOX, W. & MEYER, I. 1995. Public Administration dictionary. Juta & Co. Ltd. 139 p.
12. GCIS DOKUMENT. 1999. Government communication and information system. GCIS dokument, Midtown-gebou Pretoria.
13. HANEKOM, S.X. 1994. Public Policy: Framework and Instrument for action. Pretoria: Sigma Press Ltd. 125 p.
14. HENRY, N. 1980. Public administration and public affairs. 2nd ed. Engelwood Cliffs: Prentice-Hall, Inc. 511 p.

15. JACOBS, D.J. 1999. Quantum leaps in quality assurance in higher education. *Bulletin*, vol.5(2): March.
16. KREITNER, R. & KINICKI, A. 1998. Organizational behavior. 4th ed. Boston, Mass: Irwin/McGraw-Hill. 670 p.
17. NEL, P.G. 1982. Die universiteit: verlede, hede en toekoms. Roodepoort: Universiteit van Pretoria, CUM-Boeke. 156 p.
18. ORAL ROBERTS UNIVERSITY, School for life long education. 1998. Catalog, volume 2, number 1, Tulsa, USA.
19. PU vir CHO (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys). 1999. Algemene regulasies. Potchefstroom. Jaarboek.
20. PU vir CHO (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys). Koers supplement 1, 1998. Verkenning in oorgang. Bulletin vir Christelike wetenskap. Potchefstroom. 433 p.
21. REGENT UNIVERSITY, 1999. Office of central admission. [Beskikbaar op internet:] [http // www regent.edu/acad.htm](http://www.regent.edu/acad.htm) [Datum van gebruik: 10 September 1999].
22. ROBBINHS, S.P. 1980. The administrative proses. 2nd ed. London: Prentice-Hall International. Inc. 461 p.
23. SCOTT, W.R. 1987. Organizations: rational, natural and open systems. 2nd ed. New Jersey: Prentice-Hall International, Inc. 377 p.
24. SMIT, P.J. & CRONJE, G.J. 1997. Management principles: a contemporary edition for Africa. Kenwyn: Juta. 519 p.
25. SOUTH-AFRICA, Constitution of the Republic of South-Africa as adopted by the Constitutional Assembly on 8 May 1996 (No 108) and as amended on 11 October 1996. Annotated version.
26. SOUTH-AFRICA, Department of Education. Manual for the registration of private higher educational institutions. The Registrar of Private Higher Education Institutions. Pretoria: Staatsdrukker. July 1999.
27. SOUTH-AFRICA, Higher Education Act, 1997 (No 101 of 1997). Pretoria: Staatsdrukker.

28. SOUTH-AFRICA, South African Qualifications Authority Act, 1995 (No 58 of 1995). Pretoria: Staatsdrukker.
29. SOUTH-AFRICA: 1996. The Constitution of the Republic of South Africa, 1996.(No 108). Pretoria: Staatsdrukkers.
30. SUID-AFRIKA: 1997. Education white paper 3. Government Gazette. No 18207, 15 August 1997.
31. SUID-AFRIKA: 1998. Regulations under the South African Qualifications Authority Act. 1995. Government Gazette, Vol.393. No 18787, 28 March 1998.
32. SUID-AFRIKA. Departement mannekrag. 1994. Die A tot Z van loopbane in Suid-Afrika, 4de uitgawe. Kaapstad: Graphinco.
33. SUID-AFRIKA. Department of labour. 1998. My career. Pretoria.
34. SUID-AFRIKA. Swart Onderwyswet van 1953 (No 47 van 1953). Pretoria: Staatsdrukker.
35. TEMLET, G. 1999. Mondelinge mededeling van outeur. Direkteur, kliëntediens. School of Tomorrow. Durban.
36. TERBLANCHE, H.J. & ODENDAAL, J.J. 1966. Afrikaanse woordeboek, Johannesburg: verklarend met woordafleidings. Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1396 p.
37. THOMPSON, A. & STRICLAND, A.J. 1998. Strategic management. 7th ed. Boston, Mass: Irwin/McGraw-Hill. 706 p.
38. UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA. 1980. Publieke administarsie: organisational theory and personnel administration. Muckleneuk, Pretoria. 336 p.
39. VAN DER WALT, B.J. 1999. Visie op die werklikheid. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. 612 p.
40. VAN DER WALT, G. & HELMOLD, R. 1995. The Constitution and a new public administration. Kenwyn: Juta & Co. Lid. 195 p.
41. VAN RENSBURG, J.A. 1999. Mondelinge mededeling van outeur. Senior pastoor, Lofdal Bedieninge. Stilfontein.
42. VAN WYK, W.J. 1989. Invloed van die Grondwet van 1983 op die organisatoriese struktuur van die organisatoriese eenheid belas met

onderwysaangeleenthede in die departement van Nasionale Opvoeding. Pretoria: UNISA. (Proefskrif-DPA). 226 p.

43. WEBSTOCK, D. 1999. A proposed framework for a University response to external quality monitoring in South Afrika. Bulletin. March 1999.

44. WETTE **kyk** SOUTH AFRICA.

45. WIECHERS, M. 1989. South African political terms. Cape Town: Tafelberg. 201 p.